Mrs Klein, B3. SAKP, 11
Emma Huisman
15.

ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

# Vrye Weekblad

6 Julie 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)



Diego Primadonna en die Duitsers - bl 24

# FW en Nelson regeer gou saam

JACQUES PAUW

**NELSON MANDELA kan Staatspresident FW de Klerk voor die einde van die jaar al help om die land te regeer, meen die gewese leier van die Opposisie en mede-direkteur van die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (Idasa), dr Van Zyl Slabbert.**

***Slabbert het vandeesweek in 'n onderhoud in Grahamstad gesê dat 'n stelsel van gemeenskaplike besluitneming tussen Mandela en De Klerk reeds teen Augustus of September vanjaar kan ontstaan.***

**Die binnelandse leier van die ANC, Walter Sisulu, sê in sy reaksie op Slabbert se voorspelling dat die ANC en die regering reeds 'n ver pad gevorder het, maar dat hy in hierdie stadium nie só 'n ooreenkoms in die vooruitsig wil stel nie. Hy sê daar bestaan egter reeds 'n "gees van welwillendheid en samewerking".**

Verskeie politieke ontleders glo 'n effektiewe vorm van magsdeling tussen die regering en die ANC bestaan reeds en dat die een nie besluite neem sonder om die ander te raadpleeg nie.

Hiermee stem Sisulu wel saam: "Mandela en De Klerk het 'n uitstekende verhouding en konsulteer mekaar gereeld. Maar om nou te sê dat Mandela so gou mede-aanspreeklikheid vir die bestuur van die land gaan kry, is dalk 'n bietjie vinnig."

Mandela self het vandeesweek in Londen oor die kwessie van sanksies gesê Brittanje moet "ons nog net 'n paar maande gee", dan sal die omstandighede reg wees vir 'n opheffing van strafmaatreëls.

Slabbert het gister teenoor Vrye Weekblad op sy belangwekkende onderhoud met die nuus-agentskap Reuter uitgebrei en gesê indien daar enige sprake van mede-verantwoordelikheid sou wees, Mandela eers die gewapende stryd sal moet opsê. Hy sê Mandela moet nou aanvaar dat die proses van hervorming en die oorgang na 'n nie-rassige regering onomkeerbaar is.

Sisulu het gesê dat daar nie nou al sprake van die afskaffing van die gewapende stryd kan wees nie, maar dat die ANC alles in sy vermoë doen om vrede te bevorder.

Slabbert sê: "Die kritieke faktor is dat Mandela en De Klerk sal moet aanvaar dat die oorgangsproses onomkeerbaar is. De Klerk sê dit is inderdaad al so, hoewel Mandela nie met hom saamstem nie. Indien Mandela dit ook sou sê, sal dit 'n onmiddellike invloed op die gewapende stryd hê.

"Daar is geen manier waarop Mandela medeverantwoordelikheid vir die oorgangsfase kan aanvaar en met die gewapende stryd of sanksies voortgaan nie," sê Slabbert.

Hy meen egter dat die wit kieserspubliek swak voorberei is vir die vinnige ontwikkelinge wat gaan kom. Hy sê min mense besef hoe dinamies die proses tussen die regering en die ANC op die oomblik is.

"Ons moet egter nie Mandela se betrokkenheid by die besluitnemingsproses verwar met uiteindelike onderhandelings vir 'n nuwe grondwet nie. Dis 'n proses wat lank kan duur. Maar in die tussenfase is daar geen rede hoekom die regering nie Mandela sal intrek nie," sê Slabbert.

Vervolg op bl 2




**Brig Leon Mellet van die SAP oorhandig 'n dokumenthouer van die SAP aan die ANC se Terror Lekota. Mellet, wat in sy jonger dae 'n fotoboek-held was, het vandeesweek saam met Lekota by 'n vergadering oor geweld opgetree. Berig op bl 2**

*(Foto: Sue Kramer - Afrapix)*

# Bolanders verklaar oorlog teen die polisie

CHRISTELLE TERREBLANCHE

**DIE kruitvat in die Breëriviervallei wat die afgelope paar weke smeul, het dié week vlam gevat en inwoners in 'n staat van oorlog met die polisie gedompel.**

Geweldaddige polisie-optrede het die lewens van drie mense op die Bolandse dorp Robertson geëis, terwyl tientalle daar en op ander dorpe beseer is. Gerhard Baily, 'n veertienjarige seun en Johannes Jones (22) het albei weens kopwonde gesterf nadat polisiemanne tegelykertyd met donshael, traanrook en skerp ammunisie op mense losgebrand het in 'n poging om 'n polisieman se huis teen die inwoners van Robertson se bruin dorp te beskerm.

Hierdie militante optrede volg op die dood van Demas Arnoldus (36) na vier weke in polisie-aanhouding. Arnoldus, 'n arbeider van die plaas Wolfkloof, is in Mei ingevolge 'n kriminele ondersoek deur die polisie in hegtenis geneem. Gemoedere op Robertson het hoog geloop toe gerugte die ronde begin doen dat hy "in aanhouding deur die polisie gemartel is". Sy familie beweer hy was gesond toe hy tronk toe is.

Toe sy skielike dood op die lappe kom, het jeugdiges 'n strooptog op eiendom van die plaaslike owerheid begin. Maandag se landwye wegblyaksie deur Cosatu, die ANC en die UDF het die protesaksie aangeblaas.

Baily is deur sy ma winkel toe gestuur en is op slag dood toe 'n polisieman hom vermoedelik in kruisvuur raakgeskiet het. Johannes Jones is in die mond getref toe hy saam met 'n groep jeugdiges 'n polisieman se huis met klippe gegooi het. Hy is later in die hospitaal dood.

Op 'n monstervergadering Dinsdag in die gemeenskapsaal en tydens 'n vreedsame optog Woensdagoggend het inwoners dit duidelik gestel dat hulle die polisie verantwoordelik hou vir drie "moorde" op inwoners van die dorp.

Die optog deur die blanke woonbuurt tot by die polisiekantoor, waaraan minstens 800 inwoners deelgeneem het, was daarop gemik om die gemeenskap se sorg oor die SAP se optrede die afgelope week oor te dra en om beswaar te maak teen die teenwoordigheid van Burgermag-lede wat die strate van die dorp sedert Maandag in koeëlvaste SAW-voertuie patrolleer.

Die petisie was ter aanvulling van 'n gesprek wat die ANC se mede-streekkoördineerder in die Wes-Kaap, Reggie September, Dinsdag met die streek-kommandement van die SAP op Worcester gevoer het ná 'n toer deur die Breëriviervallei dorpe Montagu, Ashton, Bonnievale, Robertson en Swellendam.

Die ANC en die polisie het albei die ontmoeting as vrugbaar bestempel en teen dieselfde aand was daar aanduidings dat die patrollerings

Vervolg op bl 2

FW (Francois Wolfaardt) se July-wenke - bl 23

# Gaan dit makliker nou?



**Hoe vry is ons nou?**

Joernaliste word steeds deur 'n magdom wette en regulasies beperk. Mense wat aan protes-optogte deelneem word steeds met traanrook gespuit, met knuppels geslaan en geskiet. Die Publikasieraad gaan voort om films en boeke te verban. Wetgewing wat verslag-gewing oor die polisie, weermag en gevangenes beperk, word steeds toegepas. Die dinge vind steeds plaas ten spyte van die sogenaamde "nuwe Suid-Afrika", ten spyte van ontbannings en die gees van versoening waarvan ons elke dag hoor.

Jy kan jou stem voeg by die stryd teen sensuur deur by die Anti-Censorship Action Group (ACAG) aan te sluit.

Ons maandelikse publikasie (Update) dokumenteer alle wette en regulasies van sensuur. Ledegeld is R10 vir individue en R20 vir organisasies.

Vir meer inligting skakel: (011) 331-3517.

A C A G
ANTI-CENSORSHIP ACTION GROUP

☐ JA, ek wil graag deel word van die stryd teen sensuur. Ek sluit in 'n tjek/posorder gekruis en uitbetaalbaar aan die Anti-Censorship Action Group vir die bedrag van R10 ☐ R20 ☐. (Merk A.S.B.)

Naam: ______________________

Posadres: ______________________

______________________ Kode: __________

Tel: (H) ______________ (W): ______________

Pos aan: Anti-Censorship Action Group, Posbus 260425, Excom 2023.

*Dorpsbewoners verklaar oorlog teen polisie*

# Noodkrete uit die Boland

CHRISTELLE TERREBLANCHE

DIE reenboë wat dié week saam met die eerste sneeu van die winter oor die berge rondom die Breëriviervallei in die Boland verskyn het, het min hoop vir die bruin en swart inwoners van die gebied gebring.

Hulle politieke aspirasies en lankgekoesterde klagtes oor ontoereikende openbare geriewe en haglike lewensomstandighede word steeds meedoënloos deur die polisie onderdruk terwyl owerhede net op simboliese vlak na hulle uitreik. SAW burgermagkommando's het vir die eerste keer in baie jare weer hulle verskyning op Robertson gemaak om die sake-sentrum en die blanke woonbuurt, met die talle plakkate van KP-vergaderings, te beskerm.

Twee mense is in die strate van Robertson doodgeskiet en een het in polisie-aanhouding gesterf. Minstens eenhonderd het donshaelbeserings ná skermutselings op Ashton, Robertson, Montagu en Bonnievale.

Die mense se noodkrete het die afgelope twee weke met hernieude drif deur die stofstrate van townships teen die asemrowende agtergrond van die Bolandse berge weerklink, namate die koue winterweer deur die karige wonings begin dring.

Kerkleiers, gemeenskapsleiers, moeders en jeugdiges vertel almal die welbekende verhaal waarvoor plaaslike besture en streekdiensterade al so dikwels 'n dowe oor gedraai het.

Petisie op petisie aan munisipaliteite en stadsrade vra vir beter paaie, beter behuising, water- en elektrisiteitsvoorsiening, beter riolering, straatligte en hulle kla oor die "onregverdige hoë huishuur" en "vernederende optrede teenoor inwoners." Inwoners se behoeftigheid stel hulle in 'n swak posisie om hulle eie lot te beredder. Werkloosheid is steeds aan die toeneem en baie mans moet deesdae op Worcester werk om die pot aan die kook te hou. Die vroue van veral Ashton, Montagu en Robertson, het net vier maande van die jaar tydens die vrugteseisoen werk. Baie werk dan vir die Langeberg-inmaakfabriek, die grootste in sy soort in die suidelike halfrond. Die fabriek het soos ander in die omgewing, min permanente werknemers.

Op die dorpsrade sit die bestuurders en eienaars van die groot en klein sake-ondernemings van die dorpies, asook boere wat toenemend sonder arbeid kan klaarkom. Inwoners voel dat die jare van die noodtoestand om die voortbestaan van die vryemarkstelsel te verseker, hulle politieke aspirasies onderdruk het, terwyl min op plaaslike en streekvlak vir hul welsyn gedoen is. Nou is hulle woede aan die oplaai.

Jeugdiges, op skool- en kollegevakansies, het die laaste twee weke van vroegdag tot laatnag hulle ontevredenheid in die strate uitbasuin, terwyl die polisie en onluste-eenhede dit met traanrook, rubberkoeëls, donshael en honde ontmoedig het. Die jeug het die swaar teenwoordigheid van die veiligheidsmagte intimiderend gevind en van hulle kant af meer militant geraak. Die bose kringloop het tot konfrontasies regdeur die vallei aanleiding gegee.



**'n Jong kind word deur die polisie in hegtenis geneem tydens 'n vreedsame optog na die munisipale kantore van Ashton.** *(Foto: Benny Gool, Afrapix)*

Vrye Weekblad het gehoor hoe die polisie snedige opmerkings aan inwoners skree, terwyl die jeug buitebande en konkas in die middel van die townshipstrate aan die brand steek om die Caspirs uit te hou.

Inwoners is nietemin besorg oor die hoeveelheid wapentuig wat teen die protes van totaal ongewapende plattelanders geteiken word.

Die oproepe deur gemeenskapsleiers om veral die jeug tot vrede en orde te roep, het die oorhand begin kry, terwyl die ANC se medestreekkoördineerder in die Wes-Kaap, Reggie September, en die streekkommissaris van die polisie, gesorg het dat die SAP sy teenwoordigheid en optrede in die townships temper.

Maar die opoffering van drie lewens en die talle beserings het nog niks gehelp om inwoners se lewensomstandighede te verbeter nie.

Op Ashton deel verskeie gesinne nog eenslaapkamer-gehuggies, terwyl tot 20 huise saam een toilet gebruik.

Vroue op Ashton en Robertson sê hulle is moeg vir die maatskaplike probleme wat dit meebring. Tering neem toe weens swak mediese dienste, drankmisbruik kom voor en kindermishandeling is niks buitengewoon nie. Op Ashton en Robertson het lede van die plaaslike bestuursrade reeds almal ná oproepe uit die gemeenskap bedank en informele burgerkomitees skakel nou regstreeks met die stadsrade.

Hulle eis deur die bank nie-rassige, gesamentlike dorpsrade. Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseaangeleenthede het so pas bevind dat Streekdiensterade bewys het dat dienste meer doeltreffend voorsien kan word as hulle oor rasse-grense heen gedeel word.

Vader Michael Wheeder van Ashton sê die oopstel van geriewe op Ashton einde verlede week is soos om die mense koek te gee as hulle brood vra. Ashton se bruin woonbuurt is in 'n uiters vervalle toestand. Fred Booysen van die Robertson Civic sê "ons het tot dusver net stokkielekkers soos die oprigting van padtekens in die stofpaaie" van die stadsraad gekry.

"Ons lewe in stof en wind", sê inwoners en kla omdat hulle magteloos voel om hulle omstandighede buite die vallei rugbaar te maak. Hulle is veral gekant teen die manier waarop Die Burger oor hulle skryf nadat hulle koopkrag dit al die jare getrou ondersteun het. Nou dra hulle aanplakbiljette op hulle truie wat lees dat die koerant geboikot moet word.

Die koerant se sirkulasie op die platteland het die afgelope paar maande aansienlik gedaal, volgens bronne by Die Burger.

Volgens Booysen is die gemeenskappe inherent uiters vreedsaam. Op Robertson het die lont ontsteek toe "'n paar onskuldige kinders verlede jaar ingevolge seksie 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid" ses weke lank sonder verhoor aangehou is. 'n Vreedsame optog in Februarie na die Munisipaliteit om griewe aanhangig te maak het niks opgelewer nie.

"Op 11 April het 900 mense vreedsaam in die gemeenskapsaal vergader om oor hulle lot te besin", verduidelik Booysen, 'n onderwyser, "toe die polisie van die dak af begin skiet. Altesaam 157 mense is beseer". 'n Versoek van die Demokratiese Party in die parlement om 'n onafhanklike kommissie van ondersoek na die voorval, het ook tot niks gelei nie.

'n SAP-ondersoek het doodgeloop omdat inwoners nie aan die polisie verklarings wou aflê nie.

"Mense glo die polisie kan maak net soos hulle wil en dat niks gebeur nie", sê hy. Wheeder en ds Norman Steyn van Bonnievale beaam sy standpunt.

Ds. Jimmy de Wet van Robertson het Adriaan Vlok, die minister van Wet en Orde, persoonlik per brief genooi om die gemeenskap se klagtes oor die polisie aan te hoor. Niks het nog daarvan gekom nie.

Volgens Booysen het regsgesinde vigilante-groepe van Robertson vroeër vanjaar 'n beoogde ontmoeting tussen die stadsraad en verteenwoordigers van die bruin gemeenskap per luidspreker op die blanke dorp afgekondig. Toe die afvaardiging laatmiddag by die munisipale kantore opdaag, het mans in kakieklere en wapens die kantoor "as belastingbetalers" beset en die ontmoeting onmoontlik gemaak. Die stadsraad het die komitee nog nie weer genader nie.

Saam met die verskyning van burgermag-kommando's dié week het gerugte van AWB-aktiwiteit op die dorp ook toegeneem.

Vrye Weekblad kon weens intimidasie deur die polisie nie vasstel of daar waarheid in die gerugte steek nie. Op Robertson pryk plakkate van KP-vergaderings op elke straathoek en blanke inwoners praat baie oor hulle wapens. Toe die moeder van 'n seun, wat Dinsdag aan wonde beswyk het, Woensdagmiddag 'n senu-aanval kry, was daar geen dokter of ambulans op die dorp wat bereid was om haar te kom behandel nie.

Die burgerkomitees van Montagu, Bonnievale, Ashton en Robertson het dié week 'n gesamentlike komitee gestig om hulle behoeftes en griewe onder die aandag van die lede te bring. Die gemeenskappe van Bredasdorp, Riviersonderent en selfs Worcester het reeds aangedui dat hulle wil aansluit. Die moontlikheid bestaan dat die algehele verbruikersboikot ook na die dorpe kan uitkring.



**'n Polisieman gooi 'n traangas-bommetjie tussen 'n groep mense in wat voor die Ashton Munisipaliteit by mekaar gekom het.** *(Foto: Eric Miller, Afrapix)*

# SA aangespreek oor moerasse

SUID-AFRIKA is vandeesweek deur 'n internasionale omgewingskonferensie in Switserland aangespreek oor sy verwaarlosing van bedreigde moerasgebiede.

Spanje en Wes-Duitsland het dieselfde kritiek gekry, terwyl Griekeland, Amerika en Ysland ook op die lys van lande is wat deur die 400 kenners wat die konferensie bygewoon het, genoem is.

Die beskerming van gebiede in Frankryk, Switserland en die Karibiese Eilande, wat onlangs aangekondig is, bring die totale aantal gebiede wat beskerm word, op 500.

Hoog op die prioriteitslys is die Spaanse Donana-park. Kenners meen dat die onttrekking van water uit dié gebied vir boerdery-doeleindes en toerisme, 'n ernstige bedreiging vir hierdie unieke natuurreservaat inhou.

Volgens hulle word die Amerikaanse bosgebiede ook as bedreig beskou weens die swaar gebruik van landboubemesting.

Die konferensie is bygewoon deur 92 lande en lede van die konferensie sê hulle is baie bekommerd oor sekere gebiede in Suid-Afrika - waaronder St Lucia en ander kusgebiede wat deur mineraal-ontginning bedreig word.

Die Suid-Afrikaanse regering is versoek om alle "mineraal-ontginning wat skade aan die omgewing verrig, te staak." Die Griekse regering is ook versoek om die elf bewaringsgebiede in Griekeland duideliker te definieer en doelgerigte stappe te neem om dié gebiede te bewaar.-AFP

AGTERGROND

## *Kernkrag versus steenkoolkrag*

# Benodig: nóg kernsentrales

**DIE kernkrag versus steenkoolkrag-debat was 'n belangrike tema op die Instituut vir Kerningenieurs se internasionale simposium oor kerntegnologie onlangs in Johannesburg. INA VAN DER LINDE doen verslag**

Soos verwag kon word, het kernkrag dié keer loshande gewen. Die konsensus onder die meeste van die bykans 27 sprekers wat vir twee dae by Megawattpark, hoofkantoor van Eskom, deelgeneem het, was dat gou begin moet word met die beplanning van nog kernkragsentrales.

Die Koeberg-manne het beklemtoon dat die ervaring en tegnologiese kennis wat hier opgebou is, nie verlore moet gaan deur 'n te lang tussenpose voordat nog 'n kernkragsentrale opgerig word nie.

Ian McRae, uitvoerende hoof van Eskom, het die tempo vir die oprigting van kernkragsentrales gestel as een eenheid van 1000 megawatt (Mw) elke twee tot vyf jaar - afhangende van die land se groeikoers. Die beplanning vir die eerste van sulke eenhede moet in 1995 begin en nie later nie as 1998 gebou word.

Eskom sit op die oomblik met 'n oorkapasiteit in kragopwekking wat genoeg sal wees tot die jaar 2000. Hiervan kom 82 persent van steenkoolsentrales, agt persent van kernkrag, nege persent van hidro- en gepompte krag en minder as een persent word ingevoer.

### Steenkoolkrag en besoedeling

Steenkool-aangedrewe kragsentrales het nog sekere voordele bo kernkrag, is gesê. Die grootste hiervan is dat dit relatief goedkoop is in vergelyking met kernkrag.

Hoewel daar nog genoeg steenkool beskikbaar is vir die volgende 50 jaar, sal dit mettertyd duurder word om dit uit te haal soos wat die maklik bekombare voorraad uitgeput raak.

Steenkool word 'n toenemende belangrike roustof vir petro-chemikalië soos plastiek, verf, medisyne, ens. McRae wou weet of die land dit kan bekostig om hierdie roustof vir kragverskaffing te gebruik. Hy het ook gewys op die feit dat verdere ontwikkeling van steenkoolkrag in die Witbank-Ermelo-omgewing 'n onaanvaarbare "las" op die gebied sal plaas, behalwe as verbeterde besoedelingsbeheer toegepas word.

Kernkrag is bestempel as die "vriendelikste" vorm van energieopwekking wat die kweekhuiseffek betref. Die groot hoeveelhede CO en $CO_2$ wat in die lug ingeblaas word deur die verbranding van steenkool, lewer 'n groot bydrae tot die omgewingsprobleem.

### Terreine vir kernkragsentrales

Kernkragsentrales het op hul beurt weer groot hoeveelhede water vir afkoeling nodig - sowat 40 kubieke meter per sekonde vir 'n 1000 Mw reaktor. Weens die gebrek aan varswaterbronne in die binneland, word net kusgebiede oorweeg.

Anders as met steenkoolkrag, waar die vervoerkoste van brandstof geweldig duur is, is die vervoer van relatief klein hoeveelhede kernbrandstof nie 'n probleem nie. Boonop is die nodige infrastruktuur, soos paaie en spoorlyne vir die vervoer van die brandstof, reeds daar.

JCA Hobbs, ook van Eskom, het uitgebrei op die verskillende vereistes waaraan voldoen moet word voordat 'n terrein as geskik beskou word vir 'n kernkragsentrale. Hieronder tel beskikbaarheid van water, swak warmwater-diffusie en vermengingskenmerke, politieke grense, ho:e bevolkingsdigtheid, hoë seismiese risiko, geologiese formasies en toestande, en die bewaringswaarde of -status van gebiede.

Daar is drie gebiede geïdentifiseer wat geskik is vir die oprigting van kernkragsentrales. Onderhandelinge om twee nabygeleë gebiede in die Oos-Kaap (naby Oesterbaai) aan te koop, naamlik Tony's Bay en Thyspunt, is reeds aan die gang. Die ander gebied is geleë in die Suid-Kaap by Bantamsklip. Ook hier word reeds onderhandel vir die aankoop van die grond.

### Veiligheid

Die veiligheidsaspek van kernkrag is deeglik onder die loep geneem. Kernkrag-ongelukke soos by Three Mile Island in die VSA en Tjernobil in die Soviet het kernkrag se reputasie as 'n veilige vorm van krag ernstig geskend.

"Daar mag nooit weer 'n Tjernobil wees nie" het F Noon, 'n kernkragkonsultant van Brittanje, gesê. In Europa is dit duidelik dat 'n groot sektor van die publiek, wat in die verlede die konsep van kernkrag verdra het al was hulle nie geesdriftig daaroor nie, grootliks deur die Tjernobil-ongeluk beïnvloed is.

Op 'n byeenkoms van die Internasionale Atomic Energy Agency na die Thernobil-ramp in Augustus 1986 is 'n dokument opgestel wat groter kernkragveiligheid tot gevolg behoort te hê, het dr Walter B Loewenstein, president van die Amerikaanse Kernvereniging, gesê.

Michel Feger, 'n kernwetenskaplike van Frankryk, het die hele kwessie van kernkragveiligheid so opgesom: "Die openbare mening oor kernkrag is terughoudend: Ons is gevonnis tot 'n honderd persent foutvrye baanrekord, en om terselfdertyd kostedoeltreffend te wees ten einde die voortgesette gebruik van kernkragenergie te verseker".

Vir die kernkragmanne is daar net een opsie, sê Feger, en dit is om die uitdaging van 'n veiligheidskultuur te aanvaar en by alle kernkragaanlegte regoor die wêreld toe te pas.

### Koeberg

Koeberg het ook heelwat aandag op die simposium gekry. PM Semark, algemene bestuurder (kragopwekking) van Eskom, het gesê daar is 'n "stille selfvertroue, 'n geesdrif en belangstelling" by die Koeberg-span in die uitdagings wat kernkrag bied.

"Maar dit kan net behoue bly indien individue 'n toekoms vir hulself in hierdie bedryf sien. Die grootste gevaar wat die bedryf in die gesig staar, is om die kennis en vermoëns weer op te bou na 'n dekade van erosie...Dit is van die grootste belang om die tegnologiese vermoëns wat oopgebou is, te behou in die tydperk van huiwering oor die oprigting van verdere kernkragaanlegte".

### Kernafval


Kernafval, die "onglansende sektor van kernkrag", soos Noon dit noem, het minder aftrek gekry. Volgens Loewenstein is kernafval die n aspek wat die openbare aanvaarding van kernkrag die meeste beïnvloed.

Kernafval bestaan uit twee hoofbestandele: afval-produkte wat ontwikkel in die splytingsproses; en uraan-afval, of aktiniedes, wat tydens neutron-opvanging vrygestel word. Vanuit die oogpunt van die bestralingsrisiko, is aktiniedes die groter probleem op die langtermyn. Dit neem 'n paar honderd jaar voordat die spytingsafval sodanig ontbind dat die bestralingsvlak tot onder die kanker-risikovlak gedaal het.

Aktiniedes hierenteen, het 'n baie lang half-lewe. Die bestralingsrisiko van hierdie afval-produk bly vir "tien- of honderderde-duisende jare" bokant aanvaarbare vlakke, het Loewenstein ges^e.

Daar is dus sterk aansporing om tegnieke te ontwikkel om hierdie afvalproduk te verdeel, en in die reaktor te hersirkuleer vir verbranding. Sodoende kan die leeftyd van hierdie produk tot 'n paar honderd jaar verminder word.


Gewaarborg elke week: sewe giggels; drie hand-voor-die-monde; twee skaamkwade; vier sjoe!'s; twee haai-is-dit?'s; een ag-nee-magtag-man; 'n enkele sies!; drie kan-jy-nou-meer's; en ook verskeie gedoriewaars, wrinties en dêmmits. Met die gewone voorraad geslagte heilige koeie, katte in duiwehokke en klippe in die bos.



Dis nou as jy elke week inteken op Vrye Weekblad. Op jou voorstoep afgelewer. Vir net R75 vir 'n jaar of R40 vir ses maande (AVB ingesluit).

Tuisaflewerings geld al geruime tyd vir die Witwatersrand, Pretoria, die Vaaldriehoek en Bloemfontein. Lorna by (011) 497 2911 sal graag meer besonderhede gee en klagtes hanteer.

Van dié week af geld dit ook die hele Kaapse Skiereiland, Stellenbosch, Paarl, Somerset-Wes en die Strand.

Kaapse intekenare moet 'n tjek of posorder stuur aan Vrye Weekblad, Posbus 171, Paardeneiland 7420. Mev Rossouw by (021) 511 0003 sal navrae beantwoord.

**Ons is die nuwe Suid-Afrika**

Naam ____________________

Adres ____________________

____________________

____________________

____________ Poskode ________

# Dis júlle vendetta, sê Mandela

"MOENIE my werf nie. Voer asseblief julle eie vendettas sonder om my daarby te betrek", het Nelson Mandela vir joernaliste gesê voor hy Woensdag uit Londen vertrek het.

Hy het gereageer op vrae oor sy houding jeens die PLO, Tibet en die skeuringe in die Kommuniste Party van die Sowjet-Unie.

Die ANC-leier het waarskynlik besluit om baie versigting te wees ná die bohaai oor sy opmerkings oor die gewelddadige konflik in Noord-Ierland.

Mandela het Sondag 'n bynes oopgekrap toe hy op 'n nuuskonferensie in Dublin gewaag het om 'n mening te lug oor wat hy die "slagting" in die noorde genoem het.

Sy opmerkings oor die behoefte tot gesprekke om die konflik vreedsaam op te los, is onmiddellik geïnterpreteer as 'n direkte en spesifieke beroep op die Britse regering om onvoorwaardelike onderhandelinge met die IRA te begin.

Pleks daarvan om 'n debat oor die konflik aan te wakker, het Mandela se opmerkings 'n vloed van kwaai woorde uitgelok.

Brittanje weier om met die IRA óf sy politieke vleuel, Sinn Fein, te praat en noem hulle "terroriste". Intussen is tot 3000 mense reeds dood in die oorlog van 20 jaar teen die Britse bewind in Noord-Ierland.

Mandela se opmerkings het die regse pers in Brittanje 'n gerieflike stok gegee om hom mee te slaan voor sy ontmoeting met die eerste minister, Margaret Thatcher.

Die IRA-kwessie is sensitief omdat die organisasie se gewelddadige veldtog reeds soveel burgerlike lewens geëis het. Regse Tory LP's het vinnig gereageer en gesê dat Mandela se woorde die IRA aanmoedig.

Sedert die IRA in November 1987 verkeerdelik 11 burgerlikes met 'n motorbom by Iniskillen in Noord-Ierland doodgemaak het, het verdere foute in 'n verskeidenheid van aanvalle nog 36 lewens geëis. Onder die slagoffers was 'n baba en twee pensioenarisse.

Mandela se opmerkings het hom ook laat vasloop teen die huidige Britse strategie vir dié betwiste provinsie.

'n Britse kabinetsminister, Peter Brooke, probeer tans om Sinn Fein en die IRA se rol in die politieke spektrum te verminder deur 'n Katoliek-Protestantse skikking met ander politieke magte te bewerkstellig.

Brittanje hoop om te kapitaliseer op die feit dat IRA-optrede, veral teen burgerlikes, Sinn Fein verlede jaar baie politieke steun laat verloor het in verkiesings binne die Ierse republiek en in Noord-Ierland.

Dié week het Brooke planne gefinaliseer vir die eerste gesprekke in meer as 'n dekade tussen die vernaamste Protestantse en Katolieke politieke partye in beide die Ierse Republiek en Noord-Ierland.

Teen hierdie agtergrond het Mandela se opmerkings vyandige reaksie onder die Britse establishment uitgelok.

"Moenie inmeng nie, Mandela", het die ver-regse Daily Mail gesê, terwyl ander Britse dagblaaie daarop gewys het dat sy opmerkings 'n groot storm veroorsaak het.

Voor Mandela se aankoms het 'n senior Tory-LP, Ivor Stanbrook, die Britse media meegedeel dat die "ANC as sulks geen verbintenis met die IRA het nie", en gesuggereer dat die saak deur Suid-Afrikaanse intelligensie gebruik is in 'n poging om Mandela te diskrediteer.

Maar onder druk weens die bohaai wat Mandela se uitlatings veroorsaak het, het Stanbrook - die voorsitter van 'n veelparty parlementêre komitee oor Suid-Afrika wat deur Mandela toegespreek is - geëis dat die ANC-leier sy opmerkings moet verduidelik.

Toe Mandela sê dat hy nie 'n opinie wou uitspreek nie, het Stanbrook gereageer: "Ek wens jy het die geweld van die IRA veroordeel."

Die leier van die Arbeidersparty, Neil Kinnock, het gesê: "Ek sal aan hom as vriend uitwys dat die IRA 'n klomp moordenaars en rampokkers is. Hulle verdien geen toegewings nie."

In 'n merkbare uitsondering het die Daily Mirror gesê: "Dit is net nie goed genoeg vir ons politici om te sê hulle sal nie met terroriste onderhandel nie. Op grond van dié beleid het hulle nie daarin geslaag om terrorisme te bekamp of om onskuldiges te beskerm nie". Wat was die alternatief vir Mandela se oproep tot gesprekke, anders as die loslaat "van die volle mag van die gewapende magte" het die koerant gevra.

In 'n paar gemene berigte het die Sunday Telegraph en die Sun onbevestigde stories gepubliseer dat daar in 1988 'n gesamentlike IRA-ANC plan was vir 'n sluipmoord op Thatcher in Zimbabwe. Mandela se verklaring dat "ons beslis geen ontmoetings met die IRA gehad nie", is egter uitgelaat.

Die feit dat Mandela gesê het dat sy uitlatings oor vrede ook op Brittanje en die IRA van toepassing is, is egter deur die Britse media en politici geïgnoreer.

In Belfast het die leier van die vernaamste Katolieke party, die Sosiaal Demokratiese en Arbeidersparty, John Hume, gesê hy hoop dat die IRA Mandela se raad ter harte sal neem en geweld sal beëindig.

Die Ierse Kommunisteparty sê die beginsel wat deur Mandela uitgewys is oor die vreedsame oplossing van probleme, is "ook van toepassing op die Britse regering en die IRA". Hierdie party het ook Sinn Fein gekritiseer vir "steun aan die smeerveldtog teen Nelson Mandela" in die vertolking van sy opmerkings.

Die Kommuniste, wat die IRA se militarisme teëstaan, dring daarop aan dat samesprekings tussen alle partye gehou moet word - nie net met die IRA en Sinn Fein, wat "geen mandaat het om namens die Ierse nasie te praat nie".

Hulle vra dat Sinn Fein en die IRA 'n skietstaking moet verklaar en dat hulle moet kyk of Peter Brooke ernstig was toe hy vroeër vanjaar in Londen gesê het dat hy "verbeeldingryk" op so 'n stap sal reageer.

Dit lyk egter onwaarskynlik of die gewapende beweging so 'n stap sal neem.

Vroeër vanjaar het die leier van Sinn Fein, Gerry Adams, sterk daarop gesinspeel dat die IRA moet instem tot die opskorting van gewapende optrede "as daar 'n moontlikheid is van betekenisvolle gesprek." Adams vra dat, ten spyte van Brittanje se aandrang dat die IRA geweld moet afsweer, nie een van die kante enige voorwaardes vir samesprekings moet stel nie.

Nie een van dié partye verwag 'n vinnige einde aan die konflik nie, hoewel die meeste saamstem dat "dit sinneloos is om nog vir jare met die moord op mekaar voort te gaan." - Southscan Features



**Nuutgevonde liefde: Die Britse Premier, Margaret Thatcher, saam met Nelson Mandela voor Downingstraat 10, ná hulle mekaar onverwags "gevind" het en besluit het hulle kan "met mekaar besigheid doen".**

# Aids-krisis in Natal

NATAL en KwaZulu staar 'n groeiende Aids-krisis in die gesig met meer as 2 000 draers wat nou dié gevreesde virus onder lede het.

Driehonderd nuwe gevalle is sedert April vanjaar in Natal en KwaZulu gediagnoseer. Dr Darryl Hackland, minister van gesondheid van KwaZulu, het gesê sy departement is uiters besorgd oor die situasie.

Agt verpleegsters, vier hulpwerkers, meer as honderd leerlinge en tien onderwysers is met Aids besmet. Honderd nuwe gevalle word elke maand aangemeld.

Twee-derdes van die gevalle is deur dokters, klinieke en hospitale gediagnoseer, en die ander derde is deur die Natalse Bloedoortappingsdiens gedurende roetine-toetsing vasgestel.

Volgens Hackland is 'n uitgebreide veldtog van stapel gestuur wat verpleegsters, vroue-groepe en kerkorganisasies betrek.

"Dit is nie nodig om mense wat die siekte opgedoen het, te verstoot nie. Die virus kan nie oorgedra word deur gewone sosiale kontak nie," het hy gesê.

Hackland het 'n beroep vir veiliger seksgewoontes gedoen omdat dit die enigste manier is om die verspreiding van dié dodelike siekte te beveg.-Sapa

# Gunn se vrylating geëis

CHRISTELLE TERREBLANCHE

"ONS verwag van die regering om Shirley Gunn aan te kla of vry te laat", het die mede-streekkoördineerder van die ANC in die Wes-Kaap, Reggie September, op 'n perskonferensie gesê.

Volgens hom behoort nie net Gunn nie, maar alle politieke gevangenes in die "gees van die Grootte Schuur-minuut" vrygelaat te word.

Gunn, 'n bekende in ANC-kringe wat geruime tyd reeds deur die polisie gesoek word in verband met die bomontploffing by Khotso-huis in 1987, word sedert verlede week ingevolge artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou.

Sy het haar baba van 16 maande by haar.

Gunn het Suid-Afrika onlangs ongemerk binnegekom ná drie jaar in die buiteland, in afwagting op die beloofde amnestie vir politieke uitgewekenes ingevolge die Grootte Schuur-ooreenkoms.

Gunn se onskuld is dié week deur haar moeder, Audrey Gunn, bepleit.

Sy sê sy weet dat haar dogter nie ten tye van die bomaanval in Johannesburg was nie. Alle pogings om met haar dogter in verbinding te tree sedert sy op Maandag, 26 Junie naby Victoria-Wes in die Karoo in hegtenis geneem is, het tot dusver misluk. Sy is nog nie aangekla nie.

Sedert Gunn se inhegtenisname het verskeie organisasies, waaronder Fedsaw, wat dit as "onbeskaafd en onregverdig" bestempel, die United Woman's Congress, Popcru en die SA Domestic Workers Union, hulle daarteen uitgespreek.

In 'n verklaring stel die SA Bishops Conference dit duidelik dat hy Vlok vir die aanval op Khotso-huis verantwoordelik hou.

'n Ondersteuningskomitee is in die lewe geroep om "druk op die regering te plaas vir die vrylating van Gunn deur middel van onder meer massa-protes.

**IDASA**

**ADMINISTRATIEWE SEKRETARESSE**

Die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika poog om 'n klimaat vir ware onderhandeling te skep tussen alle Suid-Afrikaners wat streef na 'n vreedsame oorgang tot 'n verenigde, nie-rassige demokrasie in ons land. Die suksesvolle kandidaat sal werksaam wees in die Johannesburgse Streekkantoor van IDASA en behulpsaam wees met administratiewe take.

Hierdie pos vereis:

- *aansienlike sekretariële ervaring*
- *'n deeglike kennis van Word Perfect 5.0*
- *administratiewe en algemene kantoorvaardighede*
- *tweetaligheid (om Engels en Afrikaans te kan lees en tik)*
- *'n halfdag pos sal ook oorweeg word*

Diensaanvaarding: 1 Augustus 1990
Sluitingsdatum vir aansoeke: 16 Julie 1990

Aansoeke moet gerig word aan:
IDASA, Posbus 32804, BRAAMFONTEIN 2017.
Tel no. (011) 403-3580/1/2/3

*Viviers aan die woord*

# Rugby, sonneskyn en groengoed

**Volksakteur, sportman, radioman, veldmens. PEARLIE JOUBERT het met die man agter die aan-die-pawiljoen-kant-van-die-veld-stem, Gerhard Viviers, gaan gesels nou dat hy meer bekend is vir sy deelname aan die omgewingsprogram 50/50**

**Waar kom jy vandaan, waar is jy gebore?**

Ek is lang jare terug in Debede in die Khalahari gebore. Na skool was daar nie geld vir verder studeer nie.

Op 18-jarige ouderdom het ek by 'n rondreisende toneelgeselskap aangesluit - ons het sulke Afrikaanse tranetrekkers opgevoer en elke aand het ek gesien hoe huil 'n ander klomp tannies en omies."

**Hoe het jy 'n radio-omroeper geword?**

Na 'n paar jaar se rondreis - nooit op dieselfde plek slaap nie, altyd op die pad, het ek by die polisie aangesluit. Ek het reeds daar begin om sulke denkbeeldige programme uit te saai - dit is waar die uitsaai-gogga my beetgepak het.

Eendag het ek in Kimberley by die radiodiens ingestap en gevra wie saai Saterdag se wedstryd uit. Hulle het vir my gesê ek moet kom vir 'n stemtoets.

Daar was 'n paar ander mense ook en ons moes sulke slegte rugby uitsaai - toe dink ek sommer 'n drie uit - so 'n mooie... Nou ja, ek kry toe 'n teleks wat sê ek moet kom vir Saterdag se wedstryd. Daardie eerste wedstryd was pure hel - 80 minute van pure hel.

Ek het daaraan gewoond geraak om so gespanne te wees, want voor elke wedstryd was ek soos 'n verwagtende vrou naar en het siek van senuwees gevoel. Niemand moet ook voor 'n wedstryd met my praat nie.

**As jy nou weer kon kies - sou jy weer gekies het om 'n omroeper te wees?**

Beslis. Ek sou alles weer doen, net soos ek dit voorheen gedoen het.

Daar is geen beroep wat my so baie kon laat reis het nie. Daar is geen beroep waar ek sulke wonderlike mense kon ontmoet het nie. Vandag het ek vriende dwarsoor die wêreld.

Die wonderlikste, die mees gasvrye mense, is die mense wat ek in die wêreld van rugby ontmoet het. Sport en veral rugby is die grootste brugbouer in die wêreld - hul gesamentlike liefde vir die sport maak hulle wonderlike mense.

Toe ek in 1980 aftree, wou ek gaan boer. Ek het gedink ek sou net deeltyds nog wedstryde uitsaai, maar die boerdery het al my tyd in beslag geneem - ek het in elk geval my gat met die boerdery gesien. Ek het gou genoeg agtergekom ek is nie 'n boer nie en ek moet maar my geld met my bek maak - soos ek al die jare gedoen het.

**Dink jy daar bestaan 'n rugbykultuur in Suid-Afrika - 'n rugby-mal kultuur - en hoe sou jy dit beskryf?**

Ja, mens kan praat van 'n rugbykultuur. In rugby is mense een - regerings en ideologieë gaan daarby verby. Ek sou soos Dok Craven wou sê: Los al die volksfeeste - solank ons net kan rugby speel.

Die mense kom kyk rugby en hulle kom met hul monkey-nuts en nartjies en drankies. Mense is mal oor rugby omdat almal daarin kan deel - die enigste verskil tussen die mense is vir watter team hulle skree.

Om daar te sit en rugby kyk en die toeskouers se gejuig swem so deur jou ore - dit maak mense baie opgewonde en maak dat hulle saam skree en saam praat.

As jy dink Suid-Afrikaners is rugbymal, moet jy na Wallis en Nieu-Zeeland gaan - dit is baie erger daar.

**Jy het baie oorsee getoer saam met rugbyspanne en ander sportgroepe. Hoe het jy as Suid-Afrikaner in byvoorbeeld Australië gevoel met al die betogings teen die Suid-Afrikaners?**




Tussen honderde foto's, dasse van verskillende rugbyspanne, soewenirs van dwarsoor die wêreld en getekende plakkate van rugby-, boks en krieketwedstryde, 'n goue plaat vir die verkoop van 25 000 plate met toetswedstryde op en agtien langspeelplate, vertel Viviers van die meer as 581 wedstryde wat hy al uitgesaai het. "Toe het ek ophou tel."

Ons het altyd gesê ons gaan nie politiek praat nie. Lang tye terug het ek Springbok-sportspelers as die room van die land gesien - mens dink nie altyd aan die politiek wat bepaal wie Springbokke kon word en wie nie kon word nie.

Van die betogers het my baie maal baie kwaad gemaak. Baie van hulle is betaal om te betoog en het nie eens lekker geweet waaroor dit gaan nie. Ek het ook agtergekom dat die man in die straat nie veel omgee vir die politiek wat tussen regerings aangaan nie.

Betogings was in party gevalle seker goed, want hulle het dinge onder ons aandag gebring waaraan ons nie gedink het nie.

**Wat van al die beserings - veral jong skoolseuns wat beseer word?**

Kyk, rugby is 'n kontaksport. Daar was maar altyd beserings. Die pers stel net nou veel meer belang daarin.

Die Suid-Afrikaanse Rugbyraad hou die spel goed dop, maar hulle kan nie rugby sodanig verander dat mens moet sê: Sorry, ek gaan jou nou tackle nie. Mens moet probeer om vuilspel uit te roei - ek dink die etiket van vuilspel word deesdae te vinnig rondom mense se nekke gehang. Van die pawiljoen af lyk dit baie erg as mens 'n vuis sien swaai, maar dit is maar die mense se humeure wat soms opvlam.

Opsigself dink ek nie rugby is 'n gevaarlike sport nie. Rugby is 'n harde sport en dit word hard gespeel. Dit is egter net sekere aspekte van rugby wat gevaarlik is.

**Wat was die ergste oomblik wat jy ooit as omroeper beleef het?**

In 1968 was ek in Frankryk. Dit was 'n aandwedstryd en niemand het vir my gesê Chris Pope het op die laaste oomblik omtrek nie. En vir die hele eerste helfte het ek vir Jan Ellis, wat in sy plek gespeel het, Chris Pope genoem.

Ek hou niks daarvan om foute te maak nie - ek het aaklig daaroor gevoel.

**En die wonderlikste oomblik?**

Wel, daar was so baie...

Daai drie van Jannie Engelbrecht in 1968, Syd Nomis in 1973, Frik du Preez in 1969 - daar was baie oomblikke. Ek het voorregte gehad wat min mense beskore was.

**Waar kom die belangstelling in die natuur vandaan?**

Ek was altyd nog 'n veldmens en nou is ek weer terug in die veld.

**Wat dink jy van bewaringsbewegings in Suid-Afrika?**

Dit is jammer die Suid-Afrikaners het eers so laat wakker geskrik. In die tussentyd het die natuur baie skade gely. Mens sit altyd met die probleem van bewaring in teenstelling met ontwikkeling. Iewers moet die balans gevind word. Ek dink party van die natuurbewarings-organisasies is 'n bietjie té erg oor sekere dinge, maar dit is steeds beter as wat daar nie sulke organisasies is nie.

NIMRO

Maatskaplike werker

Die Nasionale Instituut in sake Misdaadvoorkoming en Rehabilitasie van Oortreders (Nimro) beskik oor 'n vakature vir 'n maatskaplike werker in hul Tygerberg-kantoor.

Skakel Pauline Roux by 021 930-3965/6/7/8 vir verdere besonderhede.

## *Plakkers sorg vir hulself*

# 'Daar sal huise vir almal wees'

**AUDREY BROWN vertel van 'n nuwe neiging onder huislose mense en plakkers om iets aan hul eie heil te doen**



**Dié gesin van Dobsonville gaan binne dae weer 'n dak oor hulle koppe hê.**

*(Foto: Nkosemntu Jwambi)*

Dis Suid-Afrika, en dis winter. 'n Paar jaar gelede sou dit beteken dis tyd dat plakkershuise platgestoot word.

Nie in 1990 nie.

Daar is iets nuuts aan die broei. Mense het 'n nuwe oplossing gevind vir 'n ou probleem. Vanjaar is die plakkers besig om meer pondokkies te bou. Die koue en die gebrek aan lewensruimte in die propvol townships het hulle daartoe gedryf om grond oor te neem wat nie gebruik word nie.

Dié nuwe veldtog is besig om momentum te kry - aangehits deur die koue en met die steun van die ANC en die UDF ná 'n beroep by die Konferensie vir 'n Demokratiese Toekoms in Desember verlede jaar.

Mense "neem besit" van ongebruikte grond in hul townships. Hulle kom uit die propvol erwe van hul bure om praktiese uitdrukking te gee aan die Vryheidsmanifes-slagspreuk "Daar sal huise vir almal wees".

Die afgelope paar weke het duisende mense dwarsoor die Witwatersrand begin om plakkershuise te bou. Dit het begin in die Midrand-gebied tussen Johannesburg en Pretoria. Toe versprei dit na Soshanguve buite Pretoria, Tumahole by Parys, Alexandra in Sandton, Dobsonville in Soweto en Wattville in Benoni. En oral is die mense oortuig daarvan dat hulle die reg het om hul lewens te beheer deur selfoplossings te vind vir die tekort aan huisvesting.

Volgens gemeenskapsleiers in dié gebiede is die aksie deel van 'n veldtog teen privatisering wat die koste van huise hemelhoog opgestoot het. Daar word ook beswaar gemaak teen die feit dat die staat nie meer huise vir swart stedelike mense bou nie.

Die onderliggende motivering vir dié benadering is die eis dat huisvesting vir behoeftiges 'n reg is en nie 'n voorreg nie. Dit konfronteer ook die beginsel van privatisering van huisvesting. Die meeste grond in townships is aan private ontwikkelaars verkoop. Arm mense word daardeur uit die townships gedryf.

Die UDF se Interim Civic Coordinating Structure en die ANC staan aan die voorpunt van die veldtog. Abe Nyalunga van die Wattville Civic Association verduidelik: "Ons is deel van die UDF se tussentydse burgerlike struktuur. Alle burgerlike organisasies aan die Oosrand neem besluite oor die vraagstukke wat hul gemeenskappe aanraak."

Onderliggend aan die strategie is die beginsel van die Versetveldtog dat die mense nie gehoorsaam hoef te wees aan apartheidswette nie. "As die grond beskikbaar is, dan moet dit aan die mense gegee word," sê Nyalunga.

Obed Bapela van die Alexandra Civic Organisation sê: "Na die afskaffing van die Wet op Instromingsbeheer in 1984 het die staat ander maniere gebruik om verstedeliking te beheer. Hulle het opgehou om huise te bou. Maar die verskuiwing van die motorbedryf uit die Ooskaap het duisende mense na die stede gebring. Alexandra is een van die townships wat die meeste van dié mense moes absorbeer. Dan is daar ook die natuurlike groei van enige gemeenskap - mense trou en begin gesinne en wil dan in hul eie huise woon. Op die oomblik is daar 60 000 mense wat in plakkershuise woon en die situasie raak erger."

Iets moes gedoen word: gesondheidsomstandighede het versleg; misdaad het skerp toegeneem.

Die antwoord was 'n veldtog wat die gebruik van mense om hulle op oop grond te vestig, in 'n gedissiplineerde veldtog te omskep. In die vroeë tagtigerjare het duisende mense hulle op Weiler's Farm suid van Johannesburg gevestig, asook in Mshenguville in Soweto en Phola Park aan die Oosrand. Dié mense se huise is telkens te midde van groot teenstand platgestoot. Uiteindelik is daar ooreengekom dat mense op Orange Farm, verder suid, gehuisves sou word.

Intussen het townships soos Alexandra, Dobsonville en Wattville voller geword. Mense het op die erwe van ander met huise gewoon en dié toedrag van sake het uiteindelik ondraaglik geword.

Volgens mense in Dobsonville wat

> *'Die dae toe mense se huise net so platgestoot is, is vir ewig verby'*

van Maandag af grond in dié township oorneem, was dit onmoontlik om so te bly leef.

'n Ou man met 'n gesin van agt wat besig was om sy huis te verskuif sê: "Ons bly al jare lank in ander mense se werwe. Nou is ons moeg. Dit is duidelik dat die staatsamptenare niks wil doen omtrent die tekort aan huisvesting nie, dus doen ons dit self. As jy op iemand anders se werf bly, is jy nooit vry om te doen wat jy wil nie. Die eienaar beheer jou hele lewe. Hulle vertel jou hoeveel water jy kan gebruik en jy kan nie gaste ontvang soos jy wil nie. Toe sien ons die grond wat so leeg daar staan. Hoekom mag ons dit nie vat nie? Die huiseienaars betaal nie huurgeld nie omdat die boikot nog aan die gang is, maar ons moet vir hulle R50 'n maand betaal. Dis mos uitbuitery."

Die veldtog is onder beheer van die Dobsonville Civic Association wat Maandag nog besig was om te onderhandel met die Dobsonville Stadsraad om mense toe te laat om hul huise op te rig. Daar word ook onderhandel vir water, toilette en paaie om aangelê te word.

Maar dié strategie mag dalk boemerang en die ondraaglike omstandighede in plakkerskampe voortsit. Nyalunga verduidelik:

"Nee, ons sal nog altyd eis dat mense ordentlike, bekostigbare huise moet kry. Maar ons probeer om die probleem van mense sonder huise in die openbaar te bring. Ons sien dié as 'n oplossing op die kort termyn omdat ons hier praat van mense wat glad nie huise het nie. Dus is 'n plakkershuis beter as niks nie. Ons wil die staat onder druk plaas sodat hulle iets kan doen aan die probleem."

En wat dan van swak toestande wat uiteraard in sulke omstandighede ontwikkel?

Bapela is aan die woord: "Die grootste probleem sal die tekort aan toilette wees. Dus het ons gesondheidskomitees daargestel om die situasie onder beheer te hou. Maar dit is hoekom dit so belangrik vir ons is om die stadsraad te oorreed om dienste aan dié gebiede te lewer."

Daar is verskeie pogings aangewend om die stadsraade te oorreed om die dienste te lewer. Maar in sekere gebiede is daar teenkanting. In Wattville is aan die DCA gesê dat die grond aan die stadsraad van Benoni behoort. Toe eis die DCA dat die land dan oorgekoop word en beskikbaar gestel word.

Op 'n vergadering tussen die stadsrade en die Wattville Civic Dinsdag, is daar gesê daar is goudneerslae onder dié grond en dus moet daar nou met die minister van Minerale Sake gesels word. 'n Private maatskappy, Apex Mining, het die reg om die goud te myn. Dié gesprekke kan agtien maande neem. Intussen sal die Civic saam met die stadsraad probeer om alle mense 'n stuk grond te gee om 'n huis te bou.

"Ons sal met behulp van kenners vasstel waar ons huise kan sit. Die ander grond kan vir parke gebruik word. Sover dit ons aangaan, is die eerste prioriteit huise, nie goud nie. Die veldtog gaan oor grond, behuising en privatisering. Die CDF het 'n duidelike beroep gemaak om die stryd vir behuising te versterk."

Die stadsklerk van Benoni, Denys Conradie, sê die plakkers is besig om hul "luck te try". Hy sê die probleem "bestaan al jare en hoof nie oomag opgeklaar te word nie." Gevra of hy bewus is dat mense vir jare al op waglyse is, sê Conradie: "Jy weet hoe dit gaan met mense wat kla dat hulle jare lank op waglyse is. Ons is besig om die grond aan die Wattville stadsraad te verkoop, nou kom hulle in die prentjie. Hulle wil nou plak. Ons gaan dit nie toelaat nie."

Maar waaroor gaan die veldtog regtig?

Nyalunga sê: "Dit gaan oor grond. Dit gaan ook oor onderhandelinge. Terwyl die leiers daarbo praat, is ons besig om op praktiese wyse vir mense beheer oor hul lewens te gee. Die dae wat mense se huise net so platgestoot is, is vir ewig verby. In essensie is die mense besig om in besit te neem wat hulle dink is polities hulle s'n. Die mense het self die voortou geneem."

# SHE'S GOT WOBBLY LEGS AND A PROUD MOTHER.



# AND THOUSANDS OF ENEMIES.

The more we change the world to suit us, the more we threaten the plants and animals around us. People, pollution, drought, over-population ...these are just a few of the enemies. For Shell, the issue is clear. We know that we have to exercise the highest possible degree of responsibility in everything we do.

Working to make a difference.

## *Maharaj oor die toekoms van die SAKP*

# Kommuniste staan op na veertig jaar

**Internasionaal word kommunistiese partye die telkens van populêre verset en word sosialisme kras veroordeel. In Suid-Afrika hou die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party egter op 29 Julie sy eerste openbare vergadering in veertig jaar. Mac Maharaj, 'n lid van die SAKP se Sentrale Komitee en ook 'n lid van die ANC se Uitvoerende Komitee wat onlangs na sowat 27 jaar in ballingskap na Suid-Afrika teruggekeer het, antwoord ELSABÉ WESSELS se vrae oor die SAKP**

**WAT is jou persoonlike mening oor die veranderinge wat die SAKP sal moet oorweeg om te voldoen aan die internasionale tendensie weg van die kommunisme?**

Persoonlik glo ek dat sosialisme 'n krisis beleef. Die toepassing van sosialistiese stelsels in talle lande sowel as die optrede van kommunistiese partye in sommige lande dui op 'n misvorming van sosialisme.

In my voortgesette ondersteuning van sosialisme moet ek beklemtoon dat belangrike karaktertrekke van sosialisme op die agtergrond geskuif is en selfs ontken is in dié lande.

As 'n oortuigde sosialis glo ek in die noodsaaklikheid daarvan om opnuut 'n saak vir sosialisme te stel deur die klem te plaas op sosialisme as die voorstander van die mensdom se bevryding van uitbuiting.

Dit beteken 'n herbevestiging van dit waarvoor sosialisme staan, naamlik 'n menslike samelewing waar ware individualisme oorwin, waar die menslike persoonlikheid kan bloei en waar menslikheid kan gedy.

**Die SAKP dra die beeld van 'n ondemokratiese politieke party, waar besluitneming van bo na onder geskied.**

Die SAKP moes veertig jaar lank 'n ondergrondse bestaan voer. Ons moes 'n werkstyl ontwikkel wat nie altyd demokraties daar uitgesien het nie. Ons moes die demokratiese prosesse só aanpas om dit vir ons moontlik te maak om die stryd as 'n onwettige organisasie voort te sit.

In die opbou van sosialisme sien ons dat die Kommuniste Party van die Sowjet-Unie (KPSU) al hoe meer vervreemd geraak het van die massas. Ons moet dié les nie uit die oog verloor wanneer ons ons ondergrondse bestaan afskud nie.

Dit beteken egter nie dat ons van demokratiese sentralisme gaan wegbeweeg nie. Demokratiese sentralisme het ons die buigsaamheid gegee om die stryd vanuit 'n ondergrondse posisie voort te sit. Sodoende het ons ons interne demokrasie beskik asook die vermoë om doelgerig tot aksie oor te gaan.

**Het die dekades van ondergrondse bestaan nie 'n teelaarde vir ondemokratiese optrede geskep nie?**

Dit is waar dat toenemende onderdrukking en vervolging interne demokrasie inkort. Ons eie ontwikkeling van interne demokrasie was 'n proses. Dit is waar dat kamerade hulle verset het teen die uitbou van interne demokrasie omdat hulle gevoel het dat dit ons bestaan en ons vermoë om teen die apartheid-regime te stry, bedreig.

Die uitbou van demokrasie was dus 'n proses wat doelbewus opgeneem moes word en waarvoor ons sterk voorspraak binne die party moes maak om seker te maak dat die meerderheid partylede eensgesind is oor die verbreding van 'n interne demokratiese proses.

Ek dink dat kritiek dat die SAKP sy ondergrondse bestaan misbruik het om interne demokrasie te onderdruk, ongegrond is.

Dit is juis die beperkings wat op ons geplaas is, wat ons na groter demokrasie laat strewe het. En hierdie verbreding van die demokrasie gaan die Gorbatsjof-era vooraf.

**Wanneer het die party volgens jou sy Stalinistiese vorm afgeskud?**

Een van die waterskeidings in ons geskiedenis was die onthullings by die 20ste partykongres van die KPSU toe Kroestsjof vir die eerste keer die vergrype wat vandag as Stalinisme bekend staan, onthul het. Dit was in 1956. Ons het gebaat by die onthullings, maar teen daardie tyd was ons reeds onwettig en moes ons die gebeure by ons spesifieke omstandighede aanpas.

Maar om van Stalinisme in verhouding met die SAKP te praat, moet 'n mens die spesifieke karaktertrekke wat as Stalinisme bekend staan, isoleer. Een van die belangrikste karaktertrekke van Stalinisme was die inkorting van interne demokrasie tot die punt waar 'n klein groepie mense aan die stuur alle beheer oorgeneem het en bepaal het wat die party doen. Ons hele bestaan weerspreek dit.

Ek moet dit oor en oor beklemtoon dat die SAKP nie as 'n ondergrondse party ontstaan het nie. Ons moes leer om as 'n ondergrondse organisasie te oorleef.

Die feit dat ons verskeie vergaderings onder die allermoeilikste omstandighede gehou het, is 'n aanduiding van ons voortgesette interne demokrasie.

Ek wil ook daarop wys dat ons ons amptelike program aangeneem het by 'n konferensie wat deur verkose afgevaardigdes bygewoon is. Die Sentrale Komitee is ook by 'n kongres verkies.

Ons huidige Sentrale Komitee is in Julie verlede jaar by die sewende kongres van die SAKP in Havana verkies.

Ons huidige grondwet is aangeneem ná 'n periode van intensiewe bespreking deur die eenhede van die party binne en buite die land.

**Hoe lyk die huidige struktuur van die SAKP?**

Die hoogste liggaam is die Party-Kongres. Hierdie kongres verkies 'n Sentrale Komitee wat tussen kongresse die hoogste besluitnemingsliggaam van die party is.

Die Sentrale Komitee verkies 'n politieke buro, die Politburo, wat die daaglikse bedrywighede van die party administreer. Die politburo se aksies word goedgekeur deur die periodieke ontmoeting van die Sentrale Komitee.

Ondanks aanvalle in die media dat die Algemene Sekretaris van die SAKP die baas of die allerhoogste van die party is, word hy gelei deur die Politburo en periodiek deur die Sentrale Komitee.

**Bestaan hierdie struktuur binne en buite die land?**

Daar is net een SAKP en strukture binne en buite die land vorm dieselfde basiese patroon. Ek het reeds gesê dat die laaste kongres verlede jaar op 'n klandestiene wyse in die buiteland gehou is, maar daar was afgevaardigdes van binne en buite die land teenwoordig - wat met gelyke status deelgeneem het en bydraes gelewer het oor die aanvaarding van die party se nuwe program, The Road to Freedom, wat die program van 1963 vervang.

Op dié kongres is lede van binne die land tot die Sentrale Komitee verkies.

**Wat is die essensie van die ANC/SAKP/Cosatu-alliansie?**

Die essensie van die alliansie lê nie net in die vernietiging van apartheid nie. Die lê ook nie net in die vooruitsig van 'n nie-rassige, nie-seksistiese en 'n verenigde demokratiese Suid-Afrika nie.

Daar is 'n gemeenskaplike geloof dat 'n Suid-Afrika na apartheid betekenisloos sal wees indien, naas menseregte, die konkrete omstandighede van die werkende massas nie verbeter word nie.

**Hoekom is 'n alliansie nodig?**


Weens die belange van die diverse stratas van mense wat tans 'n gemeenskaplike doelstelling het in die vernietiging van apartheid, het 'n mens te doen met mense wat op verskillende maniere hieraan uiting gee. Die alliansie is die lunspen van die onderdruktes. Ons word daarvan beskuldig dat ons op 'n monopolistiese of hegemonistiese wyse na goed kyk, maar die alliansie is die lewende getuigskrif van ons pluralisme.

**Wanneer is die alliansie gevestig?**

Die verbannings en vervolgings van die laat vyftigerjare wat uiteindelik gelei het tot die verbod op die ANC in 1960, die vervolging van ander groepe en die finale besluit om tot 'n gewapende stryd oor te gaan, het die grondslag van die aanvanklike ANC/SAKP/South African Council of Trade Unions-alliansie gelê.

**Jy is 'n lid van die ANC se Uitvoerende Komitee en 'n lid van die Sentrale Komitee van die SAKP. Het jy nie verdeelde lojaliteite nie?**

Weens die huidige gemeenskaplike doelstellings van albei, asook gemeenskaplike stategieë en tegnieke, het ek myself nog nooit verdeeld gevoel nie. Die SAKP het my nog altyd geleer en aangemoedig om aan die breër stryd deel te neem, 'n lid van die ANC te wees, om lojaal te wees, die interne demokratiese prosesse van die ANC te respekteer en ook om 'n toegewyde soldaat van Umkhonto we Sizwe te wees.


Mac Maharaj

In elkeen van hierdie arenas het ek gedien en ek wil graag glo dat ek uit verdienste by die Kabwe-konferensie tot die Uitvoerende Komitee van die ANC verkies is.

Soortgelyk wil ek glo dat dit deur getroue diens aan die party is dat ek tot die Sentrale Komitee van die SAKP verkies is.

**Daar word deurgaans sterk kritiek uitgespreek dat die SAKP die ANC manipuleer.**

Selfs voor die verbanning van die SAKP was lede ook lede van die ANC en die ander kongres-groepe. Dit was alom bekend wie kommuniste was en in watter ander organisasies hulle gedien het. Nogtans is hulle tot belangrike posisies verkies. Hierdie aantygings van 'n sameswerende manipulerende rol is gebore uit onkunde.

**Maar die aanklag gaan selfs verder, daar word beweer dat die manipulering geskied deur die blankes en Indiërs in die SAKP.**

Die vorige algemene sekretaris van die SAKP, Moses Kotane, was swart. Dié kritiek wat voor ons deur gelê word, getuig gewoonlik van 'n eie oortuiging dat swartmense nie vir hulself kan dink nie.

Vandag is die oorgrote meerderheid lede van die SAKP swart. Die oorgrote meerderheid van die Sentrale Komitee, wat deur die kongres aangewys word, is swart.

Met die ontwikkeling van die party as 'n wettige politieke liggaam sal die ware toedrag van sake na vore kom. Diegene wat sulke aantygings maak, moet op 29 Julie die eerste openbare saamtrek van die party bywoon - dan kan hulle self besluit of die massas swartmense wat daar sal wees net 'n klomp skape is wat deur 'n paar wittes en Indiërs gelei word.

**Die algemene beeld van die SAKP is dat dit teen godsdiens gekant is.**

Daar steek wel waarheid in daardie stelling. Die oorsprong hiervan is tweeledig. Ten eerste is daar die filosofiese posisie van die kommunisme, wat die mag van die georganiseerde godsdiens om mense te inspireer om teen ongeregtigheid op te staan, misken het.

Tweedens is dit ook 'n reaksie teen diegene in magsposisies wat die godsdiens probeer uitbuit het om verdrukking te regverdig.

Die SAKP se posisie het egter só ontwikkel dat ons nou die reg tot godsdiensbeoefening, nie net as een van die fundamentele regte erken nie, maar ook wil sien dat dit in die praktyk gerealiseer word.

Ons glo in die reg van godsdiensvryheid en ons glo dat die staat 'n sekulêre staat moet wees sodat die reg tot godsdiensbeoefening nie verbonde is aan 'n spesifieke gemeente of 'n spesifieke geloof nie.

Suid-Afrika huisves verskillende godsdienste en ons glo dat die wit minderheidstaat en veral die apartheidstaat inderdaad 'n miskenning van godsdiensvryheid is omdat hulle 'n spesifieke geloof bevoordeel het en byvoorbeeld Christelik-Nasionale Onderwys probeer afdwing het.

Ons glo dat die staat godsdiensvryheid moet erken, maar bo die verdeeldheid van godsdiensgroepe moet staan. Ons wil ook graag sien dat alle godsdienstige gemeenskappe deel moet neem aan die vorming van 'n nuwe Suid-Afrika.

*Oor haar huil die Filippyne nie*

# Imelda Marcos se Aspoester-verhaal

ROBERTO COLOMA

MANILLA - Imelda Marcos, die flambojante voormalige presidentsvrou van die Filippyne, se Aspoestertjie-lewensverhaal het hierdie week 'n gunstige wending geneem toe sy in 'n Amerikaanse hof vrygespreek is op aanklagtes van afpersing en bedrog.

Marcos het haar armoedige kleuterjare en jeug vaarwel toegeroep toe sy met Ferdinand Marcos, wat die Filippyne 20 jaar lank met 'n ystergreep regeer het en verlede jaar oorlede is, in die huwelik getree het.

Maar die sensasionele verhoor in New York wat drie maande lank geduur het en met groot belangstelling in die Filippyne gevolg is, het vinnig in 'n melodrama ontaard met Marcos wat op teatrale wyse in die hofsaal flou geval het en vir vier dae in die hospitaal opgeneem is.

Toe sy weer haar plek voor die jurie ingeneem het, was sy aan 'n masjien gekoppel wat haar bloeddruk gemonitor het.

'n Beter 61ste verjaardaggeskenk kon Marcos nie voor gewens het nie. Die jurie het haar vrygespreek op aanklagtes dat sy haar oorlede man gehelp het om $222 miljoen van die Filippynse tesourie te steel. Daar word beweer dat hulle eiendomme, juweliersware en kunswerke in Amerika daarmee aangekoop het.

Imelda Marcos het die lewe van 'n koninklike gelei. Nou word daar beweer dat haar glansryke stralejakkery saam met rolprentsterre en biljoenêrs in die hoofstede van die wêreld en haar berugte inkopie-ekspedisies met geld wat sy van haar eie land gesteel het, gefinansier is.

Haar man, wat haar as sy opvolger voorberei het voordat hulle as bannelinge uit die Filippyne moes vlug nadat hy in 1986 in 'n populêre opstand van sy mag gestroop is, is verlede jaar in September in Honolulu oorlede. Imelda het alleen agtergebly om tereg te staan.

Marcos se hofverskyning was soos haar lewe - vol skouspel. Aan haar sy was 'n indrukwekkende regspan onder die aanvoering van die flambojante Jerry Space, wat met sy Cowboy-hoed sy kliënt as 'n slagoffer van omstandighede wat haar nooit juis aan finansiële besonderhede gesteur het, voorgestel het.

Die biljoenêr van Saoedi-Arabië, Adnan Khashoggi, Marcos se vertroueling, is ook vrygespreek op aanklagtes dat hy die Marcosse gehelp het om hul eienaarskap van die duur eiendomme in New York, wat hulle na bewering met die gesteelde geld gekoop het, weg te steek.

Vir die inwoners van die Filippyne is die Marcos-verhoor nog steeds 'n ongelooflike gebeurtenis. Die burgers van die Filippyne het haar gevrees en selfs die hoofregter van die Filippyne het sy lojaliteit in die openbaar bewys deur 'n sambreel oor haar te hou sodat die skerp tropiese son nie op haar versorgde gelaat skyn nie.

Marcos is in haar man se kabinet as die minister van menslike vestigings aangestel. Die pos is spesiaal vir haar geskep. Sy was ook 'n parlementslid, die goewerneur van Manilla en haar man se reisende -ambassadeur wat wêreldleiers opgesoek het terwyl haar man tuisgebly het. Staatsleiers soos Ronald Reagan, Mao Tse Tung en Moeammar Ghadaffi het voor haar sjarme geswig.

Sy het vriende gemaak met Amerika se sosiale vlinders en supersterre. Christina Ford, die aktrise Gina Lollobrigida, die Amerikaanse pianis Van Cliburg en die rolprentster George Hamilton het onder haar vriende getel.

Gerugte het die rondte gedoen dat sy en Hamilton 'n verhouding gehad het, maar in die hof het Hamilton aangevoer dat hulle net "goeie familie-vriende" was.

Generaals en mede-ministers het na haar pype gedans en haar met groot ontsag as "ma'am" aangespreek. Sy is as haar man se mees invloedryke adviseur beskou en dit was algemeen bekend dat sy selfs haar gevreesde diktator-man by meer as een geleentheid van haar eie standpunt oortuig het.

Imelda se familie was lede van 'n armoedige, maar invloedryke stam afkomstig van die sentrale eiland, Leyte.

Toe die jong Marcos saam met haar moeder na Manilla verhuis het, het hulle in 'n agterkamer by haar vader se huis ingetrek, terwyl die kinders van sy eerste vrou in die huis gebly het.

Volgens 'n nie-amptelike biografie, wat sy in haar magsjare probeer onderdruk het, het sy as 'n bankklerk en 'n verkoopsdame gewerk voordat sy Marcos ontmoet het.

Soos in die Aspoestertjie-feëverhaal was dit haar treffende skoonheid wat haar uit haar armoede bevry het. Sy het landwye bekendheid verwerf toe sy in 1953 'n omstrede skoonheidskompetisie in Manilla gewen het.

Die volgende jaar het sy haar prins ontmoet. Ferdinand Marcos was toe 'n aantreklike jong lid van die kongres met 'n belowende loopbaan. Hy was onmiddellik dol verlief.

Hulle is elf dae nadat hulle ontmoet het, getroud. Uit hul huwelik het 'n vennootskap gegroei waarop albei gefloreer het.

Toe Ferdinand Marcos in 1964 sy veldtog vir die presidentskap geloods het, was Imelda sy geheime wapen. Met haar mooi stem en treffende verhoogpersoonlikheid het sy die gehore by landwye politieke saamtrekke bekoor.

Marcos het 'n oortuigende oorwinning behaal. In 1969 is hy herkies. In 1972 het hy krygswet afgekondig. Saam met die mag het geld gekom, wat Imelda met oorgawe uitgegee het.

Haar spandabelrigheid was legendaries. Daar is vertel dat sy in haar jeug net een paar skoene gehad het wat sy baie spaarsaam gedra het. Toe die geld instroom, het sy duisende pare skoene versamel.

In die Marcosse se presidensiële paleis wat nou in 'n museum omskep is, word altesaam 1,220 pare skoene vertoon. Volgens toergidse is die skoenuitstalling die gewildste besigtigingspunt vir plaaslike en buitelandse besoekers.

Vrygespreek op die ernstige klagtes is Marcos se eerste prioriteit om haar man in die Filippyne te laat herbegrawe, het 'n vertroueling van Marcos dié week gesê.

Sy is ook gretig om haar oudste kind, Imee Manotoc, wat sy vier laar laas gesien het, in Portugal of Marokko te besoek. Haar ander twee kinders, Ferdinand jr. en Irene Araneta, woon in Amerika.

Volgens dié bron het Marcos versoek dat haar ondersteuners nie straatproteste hou nie, maar dat hulle eerder 'n reuse-dankdiens hou.

"As daar goeie verloorders kan wees, moet daar ook goeie wenners wees," het sy na bewering aan haar ondersteuners gesê wat protesoptogte beplan het om druk uit te oefen op die huidige Filippynse president, Corazon Aquino, om die verbod op Marcos se terugkeer na die Filippyne op te hef.

Die presidensiële veiligheidsadviseur, Rafael Ileto, het Woensdag gesê dat indien Marcos ooit toegelaat sal word om terug te keer sy 'n "versekering" sal moet moet gee dat sy "nooit weer betrokke sal wees by pogings om die regering omver te gooi nie."

Maar Aquino staan by haar "onbepaalde" verbod op Marcos se terugkeer en verseker haar landgenote dat Marcos nog in die Filippyne voor die hof gedaag sal word. Aquino beskuldig Marcos daarvan dat sy 'n medepligtige was aan die bloedige staatsgreep in die Filippyne verlede Desember. - AFP




**'n Winkeleienaar van Oos-Berlyn stal hier 'n berg piesangs uit. Hy is een van die winkeleienaars wat op 2 Julie Westerse goedere en produkte in hul winkels begin verkoop het. Piesangs was 'n seldsame lekkerny in Oos-Duitsland voordat die geldeenhede van die twee Duitslande op 1 Julie saamgesmelt het.**
*(Foto: AFP)*

# China se ses sondes verdryf

DENIS HIAULT

BEIJING - Tienduisende mense is in China se jongste misdaadbekampingsveldtog in hegtenis geneem en sowat 'n duisend misdadigers is die afgelope tien maande reeds tereggestel.

Die meeste van die veroordeeldes is met 'n koeël in die agterkop tereggestel na 'n openbare verhoor wat volgens amptenare dien tot die opbouing van die volk. Syfers oor die arrestasies en teregstellings is bekom uit nie-amptelike tellings wat gehou is op grond van berigte - wat meesal vaag en in stukkies en brokkies in die provinsiale- en Beijing-publikasies verskyn.

Hierdie veldtog is 'n deel van die nasionale poging sedert Augustus om die "ses sondes" uit die Chinese gemeenskap te verdryf - prostitusie, dwelmhandel en dwelmmisbruik, dobbelary, die handel in vroue en ontvoer van kinders, pornografie en bygelowigheid.

Die Chinese owerhede poog nou om die aansien wat hulle in verlede jaar se opstand vir demokrasie verloor het, te herwin deur 'n veldtog wat wye openbare steun geniet. - AFP

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

SPES BONA

**Voorgraadse Toelating: 1991**

**Aansoeke word ingewag vir voorgraadse studie aan die UK in 1991.**

**Studierigtings**

UK bied 'n groot verskeidenheid voorgraadse programme aan. Dit sluit in:

- **Algemene grade in die Lettere & Wysbegeerte, Handel, Wetenskap en Sosiale Wetenskappe:**
  UK bied 50 hoofstudierigtings oor 'n breë spektrum aan, met inbegrip van programme vir studente wat verder wil studeer in die Opvoedkunde en die Regte.
- **Loopbaangerigte voorgraadse programme:**

Arbeidsterapie
Argitektuur
Ballet
Boubestuur
Bourekene
Chemiese Ingenieurswese
Elektrotegniese Ingenieurswese
Fisioterapie
Geneeskunde
Handelswetenskap
Landmeetkunde
Spraakheelkunde
Maatskaplike Werk
Materiaalingenieurswese
Meganiese Ingenieurswese
Musiek
Primêre Onderwys
Rekeningkunde
Siviele Ingenieurswese
Spraak & Drama
Skone Kunste
Verpleegkunde

**Sluitingsdatum vir aansoeke**

Die sluitingsdatum vir voorgraadse aansoeke is **31 Augustus 1990.** Laat aansoeke vir die Fakulteit Geneeskunde kan, by die betaling van 'n bykomende heffing, tot 30 September 1990 ingedien word, en tot 31 Oktober 1990 vir alle ander Fakulteite. Alle kandidate word egter aangeraai om voor 31 Augustus 1990 aansoek te doen.

Aansoekgelde is:
Tot 31 Augustus R30
Tot 30 September R60
Tot 31 Oktober R110

**Studentebehuising**

UK is in staat om aan 20% van sy studente huisvesting te verskaf — in koshuise, woonstelle en huise. Aansoekers wat huisvesting in Kaapstad verlang, moet nie later nie as **31 Oktober 1990** daarom aansoek doen. Laat aansoeke om huisvesting kan nie oorweeg word nie.

**Finansiële Bystand**

Aansoekers wat nie die volle koste verbonde aan studie aan die UK kan dra nie, word sterk aangeraai om by soveel bronne as moontlik om finansiële bystand aansoek te doen. Meer inligting is op aanvraag beskikbaar.

Die sluitingsdatum vir aansoeke om UK-studiebeurse, -beurse en -lenings vir voorgraadse studie is **31 Oktober 1990.** Laat aansoeke om finansiële steun sal slegs vir lenings oorweeg word.

**Aansoekvorms en nader besonderhede is verkrygbaar van: Die Sentrale Toelatingskantoor, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch 7700. Telefoon: (021) 650-2128.**

C68932/1191C

## Verantwoordelike monitor-aksie nodig

# Robbe haal die hoogste bod

DIE departement van omgewingsake besef dat die uitdunning van robbe 'n emosionele saak is - so sê hulle woordvoerder. Intussen het die protes rondom hierdie beoogde projek 'n hoogtepunt bereik wat selfs die mense van die department nie sou kon voorsien nie.

Mense staan tou om geld aan die "Red ons Robbe"-veldtog te gee. Hierdie fondse sal aan die regering aangebied word om 'n hoër bod op die robbe te plaas as die aanbod wat van Taiwan af ontvang is. Wie het gesê dat kapitalisme nie kan werk nie? Nou wil diereliefhebbers robbe aanskaf, sodat hulle regtig ONS robbe word - of verstaan ek die hele ding verkeerd? Was die weskus-robbe inderdaad en op enige stadium die "regering" se eiendom? Wat gaan Earthlife Africa met 30 000 pelsrobbe doen?

'n Aantal jare gelede wou die Internasionale Walvis Kommissie 'n monetêre waarde op walvisse plaas. Die walvisse sou dan aan lande verkoop word wat nog die nodigheid insien om ter wille van "navorsing" jag te maak op hierdie diere. Die probleem van eienaarskap (en dan ook die eienaar van die geld wat só ingewin word) was in hoofsaak die rede waarom hierdie plan skipbreuk gelei het.

Die weskus-rob penarie is min of meer dieselfde. Hierdie keer het sommige bewaringsorganisasies in die maalkolk beland. Om darem te glo dat die beginsel van uitdunning en benutting van natuurlike hulpbronne slegs rondom finansies draai, is geheel en al te dik vir 'n daalder. Dit is die soort reaksies wat die noodsaaklike gesprek oor bewaring en die mens, weereens terug in die emosionele "ag shame"-posisie plaas waarin dit nou al so lank vasgevang is.

Volgens historiese navorsing word die Kaapse pelsrob reeds 380 jaar lank deur die mens geëksploiteer. Tussen Maart- en Oktobermaand van 1610, is 45 000 robbe naby die Kaap van Goeie Hoop deur Hollandse seevaarders geoes. Dokumentasie van 1828/1829 dui daarop dat daar destyds heelwat minder rob-kolonies aan ons kus aanwesig was as tans. Waarskynlik is daar nou meer robbe as voorheen.

Dat daar destyds onnodige slagting plaasgevind het, is ook opgeteken. Cornelius Matelief se verslag van 1608 verwys na robbe in "unspeakable numbers" en dat "our men amused themselves by clubbing fully a hundred to death". Matelief het gepraat oor die robbe op Robben-eiland. Teen 1650 was die eiland reeds ontvolk van robbe, sodat die regering in later jare dié eiland vir ander doeleindes kon gebruik!

Drie spesies robbe van die familie Otariidae kom in ons gebied voor: die bekende Kaapse pelsrob, die Antarktiese pelsrob en ook die sub-Antarktiese of Kergeulense pelsrob (van laasgenoemde is daar tussen 1800 en 1822 'n totaal van een en 'n kwart miljoen velle geneem!). Die Antarktiese robbe kom slegs met uitsondering op ons kuslyn voor en is gewoonlik storm-verwaaide verlooptes vanaf kouer waters.

Die bewaringsgemotiveerde "lobby" is besorg oor die lewe van die robbe. En dié is hard genoeg sonder al die visnette waarin robbe verstrengel raak en verdrink (dryfnette wat tans deur stropers van die see gebruik word, is kilometer-lange "doodsmure" vir feitlik alle groter vorms van marine lewe). Nou gaan dieselfde matrose die robbe op land doodslaan!

Hulle is dus ook besorg oor die manier waarop hierdie diere in uitdunoperasies vakant gemaak word. Die tradisionele metode is as volg: die rob word met 'n mokerhou verdoof, op die rug gedraai en dan met 'n lang skerp voorwerp deur die bors en die hart gedood.

Na ondersoek deur verskeie dierkundige en mediese organisasies oor die wêreld is nog geen bevredigende alternatief gevind nie. Pyn en onnodige lyding word veroorsaak deur die verkeerde toepassing van hierdie "onmenslike" metode, volgens Philip Steward, voorsitter van die Seal Action Group.

Die metode vergelyk (miskien ietwat primitief) tog met die wyse waarop diere by slagpale gedood word. Bestaan daar iets soos 'n "menswaardige" manier om te dood? Sou dit beter gewees het indien die robbe (soos in olifant-uitdunning) met 'n geweer geskiet word? Die uiteindelike gevolg is dieselfde.

Die oorpopulasie van robbe en die gevolg wat dit op die lewe van 'n rob het, is hopelik ook op die agenda van bewaringsbewustes.

Die onlangse grootskaalse uitsterwing van robbe in die noordelike halfrond - Nederland het ongeveer 50 persent van die robbe op sy kuslyn verloor - was te wyte aan 'n virusinfeksie.

Sommige wetenskaplikes is van mening dat hierdie epidemie verband hou met die moratoruim wat op robuitdunning geplaas is as gevolg van druk deur bewarings-organisasies in Europa en Noord-Amerika.

'n Dramaties vergrote rob-populasie het die siekte soos 'n warrelwind deur die broeikolonies op verskeie kuslyne laat trek.

Daar is ook ander marine- en kuslewe wat deur 'n oorpopulasie van enige aard bedreig sou word. Daar word reeds gesê dat die pelsrob-populasie 'n bedreiging vir die voortbestaan van die Brilpikkewyn inhou.

In 1980 is die Kaapse pelsrob populasie op goed meer as 'n miljoen robbe geskat. 'n Derde hiervan het langs ons eie kus voorgekom, die res langs die kus en op eilande teenaan Namibia. In daardie jaar is uitdunning op nege van die 23 broeikolonies toegelaat. Die totale kwota was 84 460 (slegs 32 100 kon langs die kus van Suid-Afrika geneem word). Dit verklaar hoekom robvelle destyds so goedkoop in winkels in Lüderitz aangebied was! Dit lyk ook vir my asof die regering by die kwota van 1980 gehou het. Ons moet nou net uitvind wat die Namibiërs doen.

Nee, wat. 'n Verantwoordelike monitor-aksie word verlang. Nie historiese en emosie-belaaide fondsinsameling nie. En om werkverskaffing aan 44 of 50 mense af te kraak, is om die deur in die gesig van hierdie mense se afhanklikes (sekerlik meer as 44) toe te maak.

**GROENPRAATJIES**



**TIENIE DU PLESSIS**

So iets word slegs gedoen deur mense wat reeds lekker agteroor in 'n kantoor of 'n huis sit.

NS: Wat van die omgewingsimpak op 'n delikate ekologie soos by Kleinsee, indien byvoorbeeld 40 robbeskermers vir vier maande langs die baai gaan uitkamp om robbe te red? Hierdie mense sal versigtig en "skoon" moet lewe. Die perswaarde van foto's van afval uit die kampeerterrein en ander moontlike skade aan die omgewing kan nie oorskat word nie!

*(Inligting kom hoofsaaklik uit: Smithers, RHN, The Mammals of the Southern African Subregion, 1983, Universiteit van Pretoria).*

# Kerke moet krities hul waardes handhaaf


KERKE word dikwels verwyt dat hulle eerder 'n remskoen as 'n pasaangeër in die huidige proses van verandering is.

Maar is dit billik om van die kerk te verwag om 'n voorloper van verandering te wees? Is die kerk nie eerder 'n anker in 'n onstuimige see, 'n stabiliserende invloed in 'n tyd van onrus en onsekerheid nie? Is die kerk nie 'n bewaker van ewige waardes, wat nie anders kan nie as om aan hierdie waardes getrou te bly, ten spyte van wisseling en verandering?

Dit is moeilik om so in die algemeen oor die "kerk" in Suid-Afrika te praat, omdat daar soveel verskil van mening is oor sy eintlike taak en soveel verskillende rolle aan die kerk opgedring word.

Op die oog af behoort die kerk 'n gevestigde belang in verandering te hê. 'n Groot deel van sy energie is daarop gerig om mense se lewens ingrypend te verander. "Bekering" beteken 'n radikale ommekeer en die aanvaarding van 'n hele stel nuwe waardes.

Maar ongelukkig vind hierdie verandering dikwels net op die persoonlike vlak plaas. Sodra 'n persoon



**TEKS EN KONTEKS**

"bekeer" is, word alles gedoen om hom of haar in te trek in die organisasie van die betrokke kerk en vas te bind aan die spesifieke leerstellings wat die kerk voorstaan.

Die kerk doen alles om sy lede te behou en van "afdwaling" te bewaar. So word die kerk per definisie 'n behoudende instelling.

Die saak raak nog meer gekompliseerd wanneer die kerk te na aan 'n bepaalde belangegroep beweeg. Is hierdie groep in 'n bevoorregte posisie, sal die kerk daartoe neig om behoudend te wees en om redes te vind waarom die status quo nie verander moet word nie.

Is die bediening weer gerig op 'n benadeelde of onderdrukte groep, word die kerk dikwels die voorspraak vir hierdie groep en 'n kampvegter vir hulle belange. In so 'n geval neig die kerk tot 'n meer aktivistiese rol en word 'n daadwerklike voorstander van verandering.

Wanneer geoordeel word of die kerk behoudend of progressief moet wees, sal eers duidelikheid verkry moet word volgens wie se agenda dit plaasvind. Verander of behou die kerk omdat dit in belang van sy betrokke "constituency" is, of doen hy dit uit eie oortuiging? Anders gestel: Is dit teks of konteks wat die kerk se optrede bepaal?

Om hierdie vraag te kan beantwoord, moet eers aanvaar word dat die kerk met reg verskillende rolle het om te speel. As bewaker van 'n stel ewige waardes wat aan hom oorgelewer is, het hy die verantwoordelikheid om hierdie waardes nougelet te bewaar en aan nuwe geslagte deur te gee.

Omdat die toepassing van hierdie waardes in elke situasie (konteks) sal verskil, moet die kerk bedag wees daarop dat die toepassing wat nie binne een situasie of geslag sin gemaak het nie, nie noodwendig vir alle toekomstige situasies kan geld nie. Daarom sal daar altyd verby die verskillende toepassings teruggeboor moet word na die oorspronklike ertsriwwe wat die eeue neerslag gevind het in sekere waardes.

Die verantwoordelikheid van die kerk om te behou, hoef dus nie in stryd te wees met die opdrag om te vernuwe nie. Trouens, hoe meer die kerk bewus is van die oorsprong en grondslag van geloof, des te beter kan leiding gegee word in 'n tyd van verandering en onsekerheid.

'n Tweede taak van die kerk is om sy lidmate te versorg. Daarom is dit reg dat die kerk na aan die mense sal leef wat hy bedien - dat hy hulle vrese en verlangens sal ken en hulle sal ondersteun in die verskillende lewensstryde.

Daarom kan en moet die kerk 'n kampvegter wees vir die onderdruktes en moet hy die saak van die reg verdedig.

Maar dan het die kerk ook 'n pastorale taak teenoor dié wat verandering vrees en vir wie die toekoms een groot verskrikking is. Die kerk sal sulke mense moet help om hulle vrese te oorkom.

Naas sy behoudende en pastorale taak het die kerk egter ook 'n vernuwende verantwoordelikheid.

Dit beteken dat hy altyd 'n kritiese afstand sal bewaar van die gemeenskap wat hy bedien en dan veral krities teenoor homself sal wees.

Die kerk moet volgens sy eie agenda optree.

En juis omdat reg en geregtigheid hoog op hierdie agenda staan, kan die kerk rigting gee aan 'n samelewing in 'n tydperk van verandering en onsekerheid.

Omdat die kerk leef uit waardes wat verby die tydelike strek, kan hy die hoop lewend hou en aan mense die moed gee om 'n nuwe tyd positief te betree. Juis omdat die kerk toekomsgerig is, kan hy verandering begelei en verandering 'n vaste kans gee.


Die gevare is dat die kerk slegs een van hierdie take sal kies. Die uitdaging is om al drie - behoudened, versorgend en vernuwend - in samehang en in ondersteuning van mekaar te behartig.

Vrye Weekblad
Sport

Bl 23: FW se July-wenke

# Argentinië verdien om te verloor

## 'Maradona is die duiwel!'



### Diego Prima-donna?

**Diego Maradona is die soort sportman wat 'n mens nuwe waardering vir Naas Botha gee; Naas is stellig net so verwaand soos die Argentynse sokkerster (wat terloops een van sy helde is) maar hy kroek darem nie. Maradona is 'n man wat sonder skroom 'n bal met die hand in die doelnet laat beland en dan onskuldige toeskouers daarvoor blameer. ("The hand of Maradona and the hand of God," het hy vier jaar gelede gesê toe hy Engeland uit 'n plek uit die kwarteindronde verneuk het).**

Berigte deur TINUS HORN

SELFS mense wat voor die aanvang van die sokkerreeks om die wêreldbeker geen gunstelinge gehad nie, sal tydens Sondagaand se eindstryd styf duim vashou - dat Argentinië verloor.

Diego Maradona en sy makkers, wat die eindstryd met strafdoele gehaal het, het tydens dié toernooi geen nuwe aanhangers bygekry nie. Hul minagting vir al wat reël is, kan 'n mens hulle nog amper vergewe. Hul dramatiese toneelspel druis egter in teen alles wat ons onder die term "sportmangees" verstaan.

Hul patetiese pleidooie aan die skeidsregter in hul halfeindstryd teen Italië het 'n mens naar laat voel. Julie Covington se tranetrek-trefferliedjie uit die jare sewentig: "Don't cry for me, Argentina," kon maklik die toernooi se temalied gewees het.

En nou is hulle in die eindstryd.

Hul teenstander, Wes-Duitsland, het in Woensdag se halfeindstryd teen Engeland by tye skitterende sokker gespeel, maar was uiteindelik effens gelukkig om te wen.

Engeland, wat vooraf geen kans gegun is nie, het met 'n briljante Gary Lineker aan die spits die meeste aanvalswerk gedoen en die Duitsers só heeltemal onverhoeds betrap.

Tog moet Rudi Voeller (as hy betyds fiks is), Jurgen Klinsmann en kie as gunstelinge vir die eindstryd beskou word omdat hulle deur die loop van die toernooi nie 'n enkele wedstryd verloor het nie en baie minder foute maak as Argentinië.

Soos dit 'n internasionale sokkerspan betaam, weet die Duitsers ook hoe om te maak of hulle seerkry wanneer 'n teenstander dit in hul nabyheid waag terwyl die skeidsregter in hul rigting kyk. Maar hul toneelspel steek sleg af by Maradona-hulle.

Hulle het teen Engeland darem gewys dat hulle meer as net voorspelbare sokkermasjiene is. Berekend is hulle beslis, maar hul balvaardighede sal nie Sondagaand teen dié van Argentinië afsteek nie.

As dié uitslag ook met 'n strafskopstryd beslis word, sal die Duitsers wen. Hul vier pogings teen Engeland was almal hard en dodelik sekuur, buite die bereik van die doelwagter Peter Shilton.

Argentinië het in die eerste ronde teen Kameroen verloor en teen Roemenië gelykop gespeel, en was in die kwarteindronde gelukkig om Joegoe-Slawië in 'n doelskop-kragmeting ná bykomende tyd te klop.

Hulle het hul beste sokker van die toernooi teen Italië in die halfeindronde gespeel, maar het hul oorwinning meer te danke aan blatante Suid-Amerikaanse intimidasie (van hul teenstanders én die skeidsregter) as aan die legendariese Suid-Amerikaanse flair.

Italiaanse koerante was nie beïndruk nie. "Maradona is die Duiwel," het een van die vleiender opskrifte dit uitgeskreeu.


Hy is en bly egter 'n meester. Die doel-kans wat hy uit dun lug vir Claudio Caniggia teen Brasilië geskep het, was een van die beste stukkies individuele spel van die hele toernooi.

(Sy pogings van die doelkolletjie af in sy span se laaste twee wedstryde was egter nie die werk van 'n sokkerlegende nie. Teen Joegoe-Slawië is sy poging maklik gekeer. In die wedstryd teen Italië het 'n ewe vrot skop egter wel in die net beland.

Die uitspeelwedstryd om die derde plek gaan ook kookwater-sokker oplewer. Engeland, wat nooit verby Kameroen moes kom nie, het baie beter teen Wes-Duitsland vertoon.

Die tuisspan, Italië, wat die toernooi as gunsteling begin het en straks wel die beste span was, sal as gunsteling op die veld draf. 'n Maklike wedstryd sal dit egter nie wees nie.

## Wonder-tieners is hier om te bly



**TIENER-SENSASIES op die tennisbaan is geen nuwigheid nie. Tracy Austin en Andrea Jaeger was albei maar skaars in hul tienerjare toe hulle van die groot name in wêreldtennis goed laat skrik het. Roem het egter te vroeg vir hulle gekom, en hulle was uitgebrand voordat hulle hul ontsaglike potensiaal behoorlik kon ontgin. Die jongste tiener-aanslag is egter anders, omdat daar so deksels baie van hulle is, en omdat hulle klaarblyklik die druk wat welslae meebring, kan verwerk.**

**Monica Seles (foto) en Jennifer Capriarti lei die aanslag. Seles het reeds die Franse Ope-titel agter haar naam, maar is op Wimbledon deur Zina Garrison geklop. Capriati het haar teen die kragspel van Steffi Graf vasgeloop, maar nie voordat sy ses potte ingepalm het nie.**

**Jimmy Connors het by 'n geleentheid gesê die probleem met ervaring op die tennisbaan, is dat dit soveel tyd kos om op te doen. "Wanneer jy dit het, is jy te oud om dit te gebruik." Seles-hulle sal nie dié probleem hê nie.**

# SA kan baie by Skotland leer

**IS Suid-Afrika steeds een van die voorste rugbylande in die wêreld? Die skitterende rugby wat die tweede toets tussen Nieu-Seeland en Skotland onlangs opgelewer het, het 'n mens nogal laat wonder.**

**Op 'n sopnat Eden Park het Skotland gewys wat 'n span met min balbesit en baie verbeelding kan doen.**

**Die Skotte is in die skrums verneder, maar het met skitterende agterspel in die wedstryd gebly. Hulle was eintlik die beste span op die veld, maar onnodige oortredings het hulle die wedstryd gekos (21-18).**

**Die speler van die wedstryd was ongetwyfeld die Skotse heelagter, Gavin Hastings. Sulke heelagterspel sien 'n mens nie aldag nie. Veral die drie wat hy geskep het, was 'n juweel.**

**Toe hy tussen sy twee senters insny en na regs swenk, het die Nieu-Seelandse verdediging soos een man in daardie rigting genael voordat hy 'n briljante dwarsskoppie na die ander kant geloods het. Sy linkervleuel het die wedloop na die bal gewen, wat hy net in die doelgebied moes toeval.**

**Watter Suid-Afrikaanse heelagter kan so vinnig dink?**

**Dit is interessant dat 'n hele paar spelers wat hul internasionale loopbane in Suid-Afrika as lede van die Kavalier-span begin het, nou sleutelmanne in All Black-geledere is.**

**Die Kavaliers se toerbestuur, Colin Meades, Brian Lochore en Ian Kirkpatrick, het baie wenkbroue laat lig toe hulle destyds vir Murray Mexted gepos het om vir Wayne Shelford op agtsteman plek te maak.**

**Die tyd het hulle egter reg bewys; vandag is Shelford nie net die All Blacks se kaptein nie, maak ook ongetwyfeld die beste agtsteman in die wêreld.**

**Die losskopstut Steve McDowell, wat in die derde en vierde toetse lelik deur Piet Kruger in die skrums verniel is, het sedertdien ook in 'n baie goeie speler ontwikkel.**

**En dan is daar Grant Fox. Dié klein losskakel is die voorste puntemaker in wêreldrugby. Nie Naas Botha of Michael Lynagh kan by hom kers vashou nie. En hoewel sy stewel sy grootste bate bly, weet hy nou ook hoe om sy agterlyn te gebruik.**

*** Hier te lande nader die reeks om die Lionbeker nou 'n hoogtepunt. Albei halfeindstryde maak heelwat belangstelling gaande, maar veral Transvaal, wat Noord-Transvaal of Loftus pak, gaan goed dopgehou word.**

**Jannie Breedt se manne speel nou weer soos in 1986 en 1987, toe hulle dié trofee ingepalm het.**

**Net die tyd sal leer of hulle hul skittervertoning teen die Blou Bulle drie weke gelede kan herhaal. Die Noorde lyk dié keer veel sterker, en sal hul man veral in die skrums beter staan.**

**Transvaal sal stellig weer groot druk op Naas plaas. Dit sal egter veel moeiliker gaan as die Noorde voorlangs meer weerstand bied.**

**In die ander wedstryd pak Natal die WP. Die Piesangboere het verlede week hul heel beste vertoning van die seisoen gelewer tot hulle die Vrystaat in Bloemfontein verpletter het.**

**Te oordeel na dié vorm, behoort hulle te wen.**

**Dit lyk dus na 'n eindstryd tussen Natal en die Noorde.**


# Vrydag

onder redaksie van
ANDREA VINASSA

## Laatnuus

*Barbara Masekela, hoof van die ANC se Departement Kuns en Kultuur, het in 'n toespraak by die Grahamstad-Fees gevra dat die kulturele boikot moet voortduur. Winnie Mandela, vrou van Nelson Mandela, het in haar openingstoespraak by die Zabalaza-Fees in Londen, dieselfde pleidooi gelewer*

*MOIRA LEVY berig uit Londen dat Lauretta Ngcobo van die Pan Africanist Congress vir 'n nuwe fokus op die plattelandse leefwyse gevra het en gesê het dit is belangrik om die sterk punte van tradisionele Afrika-kultuur te laat herleef, terwyl die skrywer Nadine Gordimer só vir Bertolt Brecht aangehaal het: 'To speak of trees is treason'. Sy het gesê: 'Now we can speak of trees, we can speak of human beings and all their faults'*



*Andrew Bosses in John Ledwaba se 'Street Sisters' wat op die Grahamstad-fees aangebied is. Lees 'n resensie van die stuk op B4*

# Een land; twee feeste

## *SA teater staan by 'n kruispad*

ANDREA VINASSA op Grahamstad

TWEE feeste, twee stede, twee kulture? Dit is seker nie toevallig dat die Standard Bank se Nasionale Kunstefees op Grahamstad en die ANC se Zabalaza-Fees in Londen tegelyk plaasvind nie.

Ywerige liberale menings oor die teenstrydighede van 'n teaterfees op 'n plek soos Grahamstad waar die werkloosheidsyfer in die township op iets soos 70 persent staan, is al holruggery. Ons kan ook ingaan op die teenstrydighede van 'n Suid-Afrikaanse kulturele fees in Londen - al is dit somer daar.

In Grahamstad wens jy dat jou voorouers nooit voet aan wal gesit het in só 'n triestige plek nie. Maar dis nie net die weer wat almal aanspoor om 'n nuwe rigting vir die fees te soek nie.

Die afgelope dertien jaar stroom (meestal wit) kultuurgroepe, toneelspelers en toneelliefhebbers Grahamstad binne. Hulle merk altyd op dat daar meer bedelaars is as in Kalkutta. Eers in 1987 het die fees 'n teiken geword vir politieke agitasie deur Grahamstadse kulturele aktiviste.

Voorheen was daar nie juis georganiseerde kultuurgroepe nie en moes die organisasies ernstiger politieke sake die hoof bied, sê 'n verslag van die Grahamstadse Kultuurkongres (GKK).

In 1988 is die fees se inherente teenstrydighede deur gemeenskapsorganisasies bespreek. Die volgende sake is uitgelig: die Eurosentriese aard van die fees (dit is dus heel ironies dat die beoordelaars van die Standard Bank Tekenwedstryd van "etnosentrisme" beskuldig is - sien bladsy B4); die fees was duur en dus nie toeganklik vir die swart gemeenskap nie; die werkgeleenthede wat geskep word deur die fees word deur witmense gemonopoliseer; die 1820-Stigting is nie aanspreeklik teenoor die plaaslike gemeenskap nie; die hoofstroom- en die randfees diskrimineer teen minderbevoorregte gemeenskappe, en die fees bevorder elitistiese kultuur.

Die organiseerders van die fees het verskeie vergaderings gehou met onder meer die Transvaal Cultural Desk, Jodac, Cosaw, die Mark-Teater, Wits en die Universiteit van Durban-Westville se studenterade en dramadepartemente en die Albany Raad van Kerke. Die organiseerders is aangesê om met ander kultuurorganisasies te onderhandel.

Dinge het net moeiliker geraak. (Ek het nogal medelye met iemand wat die strukture van die tientalle kulturele groepe die land oor probeer trotseer. Organisasie is nie hul sterk punt nie en ons het almal al geleer dat demokrasie 'n langdraderdige affêre kan wees.) Die Grahamstown Cultural Workers Committee (GCWC) is gebore. In 1988 en 1989 het groepe hier en daar geboikot en die feesorganiseerders het vanjaar ingestem om wysigings aan te bring soos die aanbieding van werkwinkels in die township - volgens my bronne is verlede jaar se werkwinkels maar swak bygewoon - opvoerings in die townships, so 3 of 4 000 gratis kaartjies en die aanbieding van twee poste vir die GCWC op die beplanningskomitee.

Omdat die saak 'n nasionale een was, het die groep besluit om liewer nie op die komitee te dien nie - sommiges sou dit as koöptering beskou en ander sou dit as 'n geleentheid beskou om veranderinge aan te bring. Die potensiële verdelende invloed op kulturele werkers is ingesien.


In Februarie vanjaar is nog 'n vergadering gehou en is daar besluit dat daar probleme bestaan soos: die elitistiese koloniale oorspronge van die fees, die feeskomitee se aanspreeklikheid en metode van keuring vir stukke.

'n Mens wonder nou of al hierdie oor-en-weer geprate oor demokrasie en aanspreeklikheid - en veral elitisme! - nie geneutraliseer is deur die besoek van Barbara Masekela, die ANC se departementshoof van Kuns en Kultuur nie.

Ek het saamgestem met talle kulturele werkers dat Masekela eers 'n soort massa-vergadering moes aangespreek het, voor sy by die klomp "blue rinse" kolonialiste gaan kuier het. Is dit nie net nog 'n subtiele vorm van magsberowing nie?

Maar 'n mens wil tog nie verkramp wees nie. Dalk is Masekela se teenwoordigheid net die regte internasionale inspuiting vir 'n fees wat eintlik 'n parogiale pyn in die gat is.

Almal by Grahamstad stem saam dat die fees moet verander, maar niemand is seker wat presies daarmee bedoel word nie. Almal is dit eens dat die fees in sy dertiende jaar by 'n kruispad staan. En, omdat die fees die toestand van teater dwarsoor die land weerspieël, beteken dit dat teater ook by 'n kruispad staan.



*Kevin Smith en Dawid Minnaar in Ilse van Hemert se produksie van 'Houd-den-Bek', een van die opspraakwekkendste stukke op die fees. Die stuk gee 'n historiese perspektief en beeld simbolies die verwoestende uitwerking van rassisme op die Suid-Afrikaanse psige uit*

Alan Crump, die voorsitter van die feeskomitee, is ten gunste van 'n groter openheid en nooi 'n ieder en 'n elk om met voorstelle vorendag te kom vir die verlewendiging van die fees. Nuwe naam? Nuwe plek? Nuwe tyd? Herverdeling van Standard Bank se hulpbronne? 'n Ontwikkelingsfonds vir minderbevoorregtes?

Hopelik kan die feeskomitee gaan kersopsteek by die kulturele werkers wat genooi is om deel te neem aan die Zabalaza-Fees in Londen...

MOIRA LEVY skryf uit Londen dat 'n groot skare met die opening van die Zabalaza-Fees getoyi-toyi het in die Institute of Contemporary Art. Amptelike toesprake is in die rede geval deur spontane danse en feesvieringe.

Frank Meintjies, die voormalige persbeampte van die Congress of South African Trade Unions (Cosatu), het die fees geopen met 'n kragtige beroep op die Britte om sanksies te handhaaf.

Hy het die fees beskryf as 'n geleentheid vir Suid-Afrikaanse kulturele werkers om vaardighede aan te leer. "Hierdie fees bied die tyd en ruimte om op hierdie take te fokus en om die proses van bemagtiging in die kulturele sfeer te versnel."

Hy het gesê dis tyd vir die Suid-Afrikaanse progressiewe beweging om verby die "reaktiewe" vorms van protes te beweeg en om "nuwe konkrete voorbeelde te formuleer vir die samelewing waarvoor ons veg.

"Kultuur het 'n belangrike rol te speel om ons voor te berei om die kettings van apartheid af te gooi. Ons moet ook die kultuur van geweld en oorlog teenwerk.

"Die verantwoordelikheid van kulturele werkers is om die beelde te skep wat 'n samelewing sal begeester om aktief te werk te gaan om 'n nuwe Suid-Afrika te skep."

# Die liefling van die platteland is nie 'n kampvegter nie



ANDREA VINASSA

DIS die koudste winter in tien jaar en 'n warm stort is moeilik bekombaar... Die ironie van "stilettorocksanger" Nataniël (le Roux) se jongste show ontvlug niemand nie. Dit heet "Summertime" and the weather is definitely not fine. Die liedjie is ook nie eens op die program wat nou by Grahamstad se laatnag-kuierplek, Cuyler-straat, te sien is nie.

"Summertime"... "Dis seker die mooiste song wat nog ooit geskryf is, en ook die een wat die meeste verkrag is. Elke mens sing dit in elke steakhouse, maar die enigste een wat werk, is die oorspronklike Gershwin-weergawe," sê Nataniël. Die enigste betekenis rondom die liedjie is miskien dat Nataniël hom nou, verbasend genoeg, "ernstig" tot musiek wend.

Hy was laas met die omstrede Kruik-produksie van "Piekniek by Dingaan" in 1987 op Grahamstad. Sedertdien het hy ontwaak as die liefling van die platteland (om nie te praat van Staatsteater-gehore nie.) Jong meisies vra hoekom hy nie deur sy "base" sweet nie en hoe sy dieet werk.

En tog verteenwoordig elke treetjie wat hy op 'n verhoog in sy hoëhakskoene maak nog 'n ondergrawing van die seksueel-politieke norme van ons ou eng samelewing. Of doen dit?

Nataniël se huidige golf van roem is te danke aan 'n dieet. Ja, die banaliteit beskaam nie. "Ek het famous geraak oor 'n dieet." In Januarie verlede jaar het hy 19 kilogram verloor met behulp van 'n "bruin-rys-dieet". Huisgenoot het hom gefotografeer en tientalle mense het matemalisties gebel om te hoor of hy Aids het. Nee, dis die dieet. Huisgenoot het toe die dieet by hom gekoop en sedertdien kry Nataniël swaar soos mens in Hollywood swaarkry.

## 'Ek is nou op 'n high oor musiek'

"Mense is gefassineerd deur 'n ding wat so lyk, maar praat oor wat in Afrikaner-huise aangaan. Ek het eenvoudig grootgeword en dis waar my materiaal vandaan kom. Ek lees nog die vrouerubriek en drink elfuur tee soos my ma. Sondae kook ek hoender omdat ons hoender kook by die huis.

"Mense haat my met 'n passie, maar as ek in die Staatsteater speel, sien ek hulle altyd weer daar. Mense raak uptight, maar hulle kom altyd weer. Ek is altyd verstom. Ek waarborg my gehoor dat my show hulle sal ontstel en die volgende dag is die show uitverkoop."

Hy sit selfs "die alternatiewes" af, sê hy. 'n Joernalis het hom in 'n resensie "pseudo-alternatief" genoem. Hy het in sy motor geklim en die joernalis in sy kantoor gaan aanspreek. Nataniël is kampvegter vir geen cause nie.

Uitspattige kostuums, die moontlikheid van 'n paar dieet-wenkies en die klein-dorpse verhaaltjies wat hy tussen sy liedjies vertel word aangegee as die redes vir die gewildheid van dié 27-jarige fenomeen. (Die redes waarom bebaarde mans in kakie-hemde die hardste klap en weer en weer terugkeer, kan waarskynlik heelwat stof verskaf vir 'n meesleurende tesis oor Seksuele Politiek, Calvinisme en Verdrukking in Revolusionêre Maatskappye met Spesifieke Verwysing na die Verbrokkeling van Apartheid in fin-de-siecle Suid-Afrika).

Maar iemand het nou die dag vir hom gesê hy kan sing ook. "Al die jare was musiek vir my 'n means to a costume." Ander mense se motiverings is polities, Nataniël s'n is Errol Arendz.

Vuilbek Bette Midler is deesdae een van sy groot bronne van inspirasie. "Ek verbeel my ek is in Hollywood as ek 'n show opsit. Ek is glamour-befok. Die groot jammerte vir my is dat daar geen star system in Suid-Afrika is nie.

"Ek is nou op 'n high oor musiek. As jy wil grappe hoor, moet jy fokof." Diegene wat wil costumes sien, sal nie teleurgesteld wees nie: "Fifties onderklere, korsette... iewers tussen dekadent, common en classic."

Hy wil nog eendag Sun City toe gaan. Met nipple caps en motors wat uit die dak uit kom.

Hy is high oor Tina Turner se "Be Tender with Me" en "Stormy Weather" en die nuwe liedjies oor die mense in sy tuisdorp Kuilsrivier in die Kaap. Hy sing gewoonlik nie cover versions nie, maar dié keer is daar drie om die "gesofistikeerde musiek vir grootmense" af te rond.

****

Maandag: Dis drie dae voor die première van "Summertime" in Grahamstad en Nataniël is koorsagtig besig om op die vloer van die "Tuynhuis", 'n bouvallige motorhuis in Yeoville, musiek-note vir sy band uit te skryf. Hulle het van 'n suksesvolle plattelandse toer teruggekeer en het so pas aan die nuwe liedjies begin werk. Hulle is: Willem Möller op hoof-kitaar, Jannie van Tonder op tromme, Kai op baskitaar en Rika Vermeulen op sintetiseerder.

"Ek huil en gooi gewoonlik op voor 'n show, dié keer is daar nie tyd daarvoor nie."

"Summertime" is 'n teenvoeter vir Grahamstad se eksistensiële wroegings wanneer almal in swart aangetrek is, teen 'n swart agtergrond, op swart bokse speel. "Dis nie 'n diep show nie. Ek gaan net platteland toe met diep shows."

****

Nataniël was nie altyd beroemd of so gelukkig soos vandag nie. "As jy is en lyk soos ek, wil jy jouself skiet. Maar nou is ek goddank bly ek is so. Hoekom dit probeer doodleef?

"Ek onthou my ma het altyd gesê: 'Niëltjie, as jy goed probeer wegsteek, die Here sien dit raak.' Ek het lank gesukkel om my loopbaan op dreef te kry en sodra ek heeltemal eerlik was, het ek vooruitgang gemaak. Die feit dat ek 'n solo-loopbaan het, is die negende wonder van die wêreld. Op die ou end is ek 'n produk wat ek probeer verkoop en as die mense ophou praat, moet ek begin worry."

# Beskawings ontmoet in katedraal

**AFRICAN SANCTUS**
**Sint Maria Katedraal**
**Johannesburg**

HENNING VILJOEN

DIE uitvoering van "African Sanctus" in die Sint Maria Katedraal was 'n musikale en spirituele "happening" waar 'n mens totaal meegesleur word deur die gewyde, dog energieke en ritmies belaaide aard van die werk - 'n werk waardeur 'n mens werklik kan "geesvang".

"African Sanctus" is 'n werk waar Afrika en Europa ontmoet. In hierdie baie oorspronklik gekonsipieerde religieuse werk, slaag die komponis David Fenshawe briljant daarin om 'n brug te slaan tussen tradisionele Afrika-musiek en 'n westerse musikale idioom soos dit in die Latynse Mis neerslag vind. Die merkwaardige aan die werk is dat daar 'n harmoniese eenheid tussen die Afrika en westerse musikale idiome gevorm word, sonder dat enige een iets van die unieke eiesoortigheid van die onderskeie idiome ingeboet het. Die unieke eie identiteit van elke idioom word behou en omvorm tot 'n nuwe ryk musikale taal met ankers in uiteenlopende kulturele erfenisse.

Die Afrika-musiek is afkomstig uit streke langs die Nyl tot by Dar-es-Salam in Oos-Afrika en behels musiek soos die Acholi Bwala-dans uit Uganda, 'n Immam uit Kairo se "Roep tot gebed", Sudanese huweliksdanse en 'n Masai se melklied uit Kenia. Hierdie musiek is in 'n ongeskonde en outentieke vorm deur die komponis self op stereo-band vasgelê. Hierdie klankmateriaal word dan as die grondmateriaal gebruik waarteen, waarop en waaroor die Latynse Mis gekomponeer is. Hierdeur is daar 'n aangrypende en grootse religieuse sintese bewerkstellig tussen die Christendom, Islam en etniese musiek.

Die uitvoering is deur 'n begeesterde toeligting van die werk deur die komponis self voorafgegaan. Met sy aansteeklike entoesiasme het hy die argitektoniese samestelling van die werk vir 'n mens oopgedek en daardeur die daaropvolgende trefkrag van die uitvoering verhoog.

Die uitvoering van die werk stel geweldige vereistes aan die dirigent om die onderskeie musikale elemente bestaande uit tradisionele en westerse slaginstrumente, klavier, elektriese kitaar, koor en sopraan-solis, asook die oorspronklike musiek op bandopname te integreer.

Richard Cock verdien lof vir die deeglike voorbereiding en afgerondheid van die uitvoering, waardeur hy die werk in 'n grootse opruiende jubelsang laat kulmineer.

Die SAUK-koor het met oorgawe en energieke jubeling gemusiseer en veral getref met die wyse waarop die skrille kontraste tussen die liriese gedraenheid van die *Kyrie* teenoor die triomfantlike ekstase van die *Sanctus* verwerklik is.

Rina Hugo het baie beïndruk met die makelose wyse waarop sy oor die koor geprojekteer het, asook met haar innig deurleefde vertolking van "The Lord's Prayer".

Ewe-eens het Surendran Reddy getref met sy ritmies sterk gedefinieerde spel en sy sensitiewe weergawe van die "Love Song" wat as 'n soort tussenspel in die Mis aangewend word.

"African Sanctus" gee 'n nuwe dimensie aan die kruisbestuiwende moontlikhede vir musiekskeppinge wanneer twee beskawings ontmoet en wat tot dusver nog hier plaaslik onontgin gelaat is - dit stel ook 'n uitdaging aan musici in die nuwe Suid-Afrika.

